# Vrygespreek!

## Dagstukkies oor die boek Galasiërs

Louis Nel

# Vrygespreek!

## Oordenkinge oor Galasiërs

Louis Nel

Julie 2021

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoudsopgawe

.1 Inleiding
2 Ek Groet Jou
3 Net Een Evangelie
4 Paulus
5 Geloofsverskille
6 Alweer Petrus!
7 Geestelike Hoogmoed
8 Die Heilige Gees
9 Geloofsman
10 Die Testament
11 Die Multivrug Boom
12 Aangeneem
13 Vrygekoop!
14 Slaaf of Vry?
15 Ware Vryheid
16 ‘n Lewenswyse
17 Vuil Vark!
18 Dra Mekaar se Laste
19 Groete

# .Inleiding tot Galasiërs

## Inleiding

**Video**

**Oudio**

Hoe seker is jy dat jou saak met God reg is? As jy vandag voor die hemelpoorte te staan sou kom, is jy doodseker dat jy binnegelaat sal word? Kan ‘n mens óóit seker wees dat jy in die hemel kan kom? Is dit nie alleen God se besluit of jy die hemel sal haal of nie? Dalk, as ek my deeltjie baie goed doen, sal die Here my daar toelaat - as ek só lewe dat die Here tevrede is met my!

Hierdie mag dalk vir jou na ‘n simpel vraag klink, maar vir baie mense is dit ‘n reuse kwelvraag. Dikwels is dit selfs vir gelowiges ‘n vraag waarmee hulle vir jare lank worstel.

As jy vanoggend enigeen van hierdie gedagtes of vrae in jou hart ronddra, dan het ek vir jou wónderlike nuus: Galasiërs het die

antwoord op elkeen van hierdie vrae! Paulus skryf in hierdie pragtige brief dat dit nie nodig is dat ek eers my kant moet bring voordat God na my kyk nie. Dit is nie nodig dat ek éérs ‘n klomp reëls volg en my verhouding met God regkry voordat Hy my gunstig oorweeg vir ‘n plekkie in Sy Koninkryk nie. Jy hoef nie jou verlossing te verdien nie. Niémand kan dit verdien nie! God gee dit gratis, vry en verniet omdat Hy dit wíl gee. Uit genade! Jesus het reeds alles betaal - die volle prys - en God vra slegs dat ek in Jesus glo om dit alles te kry.

Maar sou dit dan nou beteken dat ‘n mens maar kan doen net wat jy wil, solank jy maar net glo? Iemand was eenmaal hewig ontsteld toe ek skryf dat dit jou niks help om die wet te onderhou nie. “Maar dis lekker!” het die persoon ontsteld gevra, “want dan kan ek mos maar moor en steel en doen wat ek wil?” Nee, dit is beslis nie wat Paulus bedoel

nie. Al wat hy sê is dat ons nie nodig het om krampagtig God se guns te probeer wen vir ons saligheid nie, God géé dit vir ons!

Wanneer ons dit egter gekry het, gebeur daar ‘n wonderlike ding: God gee nie alleen vir ons die saligheid nie, maar Hy gee ook die Heilige Gees wat in elke gelowige se hart kom leef. Die Heilige Gees lei jou dan om ‘n lewe te leef wat pas by dié van ‘n verloste Koninkryksburger. Ek het natuurlik ‘n keuse of ek gaan luister na wat die Heilige Gees vir my sê, en dié besluit is steeds myne of ek ‘n sukses gaan maak van my nuwe lewe, of ‘n gemors. Die boodskap van die Galasiërsbrief kan ‘n reuse verskil aan jou lewe maak. Kom geniet dit saam met my!

Hierdie brief is natuurlik, soos jy seker reeds agtergekom het, deur niemand anders as die groot sendeling, Paulus geskryf, en hy rig dit oorspronklik aan die Christelike gemeentes in Galasië. Hierdie gemeentes het tot stand

gekom as gevolg van Paulus se eie sendingwerk, en terwyl hy elders alweer besig was om die Evangelie te verkondig, kry hy die ontstellende nuus dat daar mense was wat besig was om dwaalleringe te verkondig in Galasië. Hulle was besig om al sy harde werk daar tot niet te maak met hulle skewe leerstellings.

Ons kan aanneem dat hierdie mense Joodse Christene was wat uit Jerusalem gekom het, en steeds vasgeklou het aan die ou Joodse wette, en dat hulle vir die mense in Galasië probeer wysmaak het dat Jesus alleen nie genoeg is vir jou saligheid nie. Nee, jy moet eers hierdie wette en daardie rituele nakom, en sus en só doen voordat jy kan deel wees van God se volk. Die arme mense moes hulle eers laat besny en hulle moes die Joodse almanak met al sy feesdae en fieterjasies stiptelik nakom om enigsins in aanmerking te kom vir die saligheid.

Hierdie was slegte nuus vir Paulus, want hy het verneem dat die gemeente al klaar besig was om hierdie verdraaide leerstellings te aanvaar, want dit was mos nou regte, egte Jode uit die Heilige Land uit wat dié dinge vir hulle kom leer. En nou skryf hy hierdie brief om die mense te probeer oortuig dat daardie leraars besig is om snert in hulle koppe in te prop. Hy ontmasker hierdie valse leer en dan verduidelik hy baie mooi dat die dinge wat hy destyds verkondig het, die ware en suiwer Evangelie is, en dat dit van God kom.

Sedert Paulus hierdie brief 2000 jaar gelede geskryf het, was daar al baie "leraars" wat sy boodskap verdraai en verwring het. En dit gaan vandag steeds voort! Sommige professore in die hoogste gestoeltes probeer om jong, toekomstige leraars te indoktrineer met allerhande valshede. Sommige geleerdes versprei allerhande Godslasterlike gerugte, en probeer mense die afgrond in

verlei. Slegs deur vas te klou aan die suiwer Woord van God soos wat Paulus en die ander skrywers van die Bybel, onder leiding van die Heilige Gees dit opgeteken het, kan ons op die regte pad bly. Moenie alles wat jy hoor vir soetkoek opeet nie. As jy my oordenking lees, vra ek ook dat jy dit gaan toets aan die Woord. Inderdaad is daar ook mense wat dit wél doen en kommentaar lewer. Ek waardeer dit, want ek wil nie ‘n valse leer verkondig nie! My gebed, elke keer as ek ‘n dagstukkie skryf, is dat die Heilige Gees vir my die woorde hiervoor sal gee, want ek is maar net ‘n feilbare mens.

Gebed:

Here, bewaar my asseblief daarvan om ooit enige dwaalleer te verkondig!

# Ek Groet Jou!

## Galasiërs 1:1-5

**Video**

**Oudio**

Dink jy ooit wat jy sê wanneer jy iemand groet? Dit is dikwels sommer ‘n formaliteit wat so vinnig moontlik afgehandel moet word, want dit het nie rêrag betekenis nie. Maar hoe belangrik is ‘n groet werklik?

Vir Paulus was dit ‘n baie belangrike deel van sy brief. En het jy al mooi geluister hoe die leraar die gemeente groet voor die Erediens? Ja, inderdaad is daar die enkeles wat sommer so woerts-warts iets mompel, maar die meeste leraars doen groot moeite om daardie groet iets baie spesiaal te maak. Eers is daar die votum, wat ‘n Latynse woord is wat iets beteken tussen “gebed, begeerte en verlange.” Hiermee word God aangeroep, Sy Naam word uitgeroep en die Heilige Gees

word ingeroep. Terselfdertyd word die gemeente opgeroep tot ‘n belydenis van God se teenwoordigheid, en ons afhanklikheid en toewyding aan Hom. Daar word ook ‘n afwagting geskep vir die Woord. Na die votum volg die seëngroet wat basies sê: “Die Here seën julle.”

Jy sal dus verstaan dat hierdie ‘n baie komplekse groet is wat baie diep dinge sê. Wanneer ons Paulus se groet aan die begin van die Galasiër-brief lees, dan kom ons agter dat dit ewe kompleks is. Daar is baie meer in opgesluit as wat jy met die eerste oogopslag raaksien.

Die gewoonte in Paulus se tyd was, dat wanneer jy ‘n brief skryf, jy eers sê wie jy is, daarna aan wie jy jou brief rig en dan ‘n groet. Dit is dan ook presies wat Paulus doen in hierdie brief, maar hy besluit dat die boodskap wat hy wil oordra so belangrik is, dat hy sommer al met die groetslag ‘n paar

gedagtes ingooi sodat almal die boodskap behóórlik moet kry reg van die eerste woorde af.

Dit is baie belangrik dat die lesers moet weet wie en wat die skrywer van hierdie brief is. So dikwels skryf iemand, en dan eet jy alles vir soetkoek op sonder dat jy eers iets van die skrywer af weet. Veral ’n goeie skrywer kan dinge vir jou in sulke mooi woorde vertel dat jy maklik meegevoer raak, dikwels met die grootste klomp gemors.

'n Baie algemene tendens in ons tyd, is die talle e-posse en selfoonboodskappe wat ons pos oorstroom, dikwels met blatante onwaarhede. Dit word dan ook voorgehou as die heilige waarheid, en jy word dringend versoek om dit vir al jou kennisse aan te stuur. Dikwels word daar op jou gevoel as gelowige gespeel. Een van die nuutste stories is dat JK Rowling, skrywer van die Harry Potter boeke, in opdrag van die Pous

besig is om die Bybel te herskryf. Die stories wat opgedis word is soms hartroerend. Hulle skroom ook nie eers om kindertjies uit te buit nie. 'n Algemene een is van die een of ander pragtige dogtertjie met 'n engelgesiggie wat 'n rare siekte het en miljoene benodig om behandeling te kry. Die spreekwoord lui, dat jy “Wolf! Wolf!” skree. Wanneer daar dan werklik so 'n geval plaasvind, wil niemand dit meer glo nie! Iemand wat sulke blatante leuens versprei is diensknegte van die Duiwel.

Terwyl die persoon ‘n “gesant van Satan” is, stel Paulus dit baie duidelik dat hy ‘n gesant van God is, deur Jesus persoonlik aangestel op die pad na Damaskus waar hy daardie traumatiese belewenis gehad het wat sy lewe, en dié lewens van baie miljoene mense deur die eeue dramaties verander het. Hy praat dus met gesag wanneer hy hierdie brief

skryf, en elke leser sal presies weet wie en wat hy is.

Sommer so met die intrapslag begin Paulus al preek. Hy vertel van wat Jesus alles gedoen het vir ons verlossing. Hulle sê mos: “Wat die hart van vol is, loop die mond van oor.” Jesus Christus is vir Paulus so opwindend en sy hele lewe is so vol van Hom dat dit net eenvoudig nie anders kan as dat hy oorborrel van Jesus en alles wat Hy gedoen het nie. Dit is soos ’n sterk fontein wat jy eenvoudig nie kan toestop nie, want druk jy die een gat toe, dan spuit die water by ’n ander gat uit. Vir Paulus is die héél belangrikste ding in die lewe Jesus, en niks, maar niks kan hom keer om van Jesus te praat nie. Mense het hom selfs met klippe probeer stilgooi, maar toe hy half-dood daar opstaan, is hy klaar weer aan die praat.

Gewoonlik is ‘n ou wat so baie praat net vol van homself. Daar is ‘n hele paar sulke

mense wat ek ken. Paulus is egter hier totaal anders, want alhoewel hy aan die begin vertel het dat hy persoonlik deur Jesus sélf aangestel is as apostel, gaan dit nie oor Paulus nie, maar oor Jesus, en hy gee aan God ál die eer: "Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid!" (v5)

Wat vertel jou groet van jou? Ek ken mense vir wie ek eintlik bang is om te groet, want "bedruk en bedroef" drup van sy gesig af, en die laste van die lewe druk swaar op sy skouers. 'n Ander weer kan nie ophou praat van homself en wat hy of sy kinders in die lewe bereik het nie. Maar gelukkig ken ek ook 'n paar ware sonstraaltjies, waar die geluk en liefde van Jesus só van sy gesig afstraal dat jy net eenvoudig nie kan help nie, om sélf ook aangeraak te word bloot deur sy groet, en 'n positiewe inspirasie te kry vir die dag.

Jy kan vandag mense se lewens verander eenvoudig deur die manier waarop jy hulle groet!

Gebed:

Here, maak my asseblief vandag ‘n sonstraaltjie en ‘n inspirasie vir mense wat dit nodig het.

# Net Één Evangelie

## Galasiërs 1:6-10

**Video**

**Oudio**

Paulus is sommer omgesukkel! Nee, eintlik is dit baie lig gestel, hy is héwig ontsteld wanneer hy hierdie brief skryf. In Paulus se tyd was briewe begin met 'n aanhef en direk daarna 'n danksegging. Gaan kyk gerus maar na die ander briewe in die Bybel, en jy sien hoedat die skrywer sy dankbaarheid oor die een of ander saak of situasie betuig. Hier val Paulus egter sommer weg met harde woorde. Hy is verbaas dat hulle so gou afvallig geword het. Ons kan sy ontsteltenis verstaan, want hulle het geswig voor ‘n dwaalleer. Hulle was as’t ware besig om die verlossing wat God verniet gegee het, weg te klap! Hulle was besig om agter mense aan te dryf wat ‘n vals evangelie verkondig! God se

kosbare genade is aangetas. Die hart van die evangelie is gegryp en bloedig uitgeruk!

As ek so na Paulus se tirade luister, dan moet ek seker vra of gelowiges nie van mekaar mag verskil nie? Waarom is daar dan soveel verskillende kerke? Watter een is reg? Ek het al dikwels 'n kerkleier hoor sê dat sý kerk die enigste is wat die hemel se binnekant sal sien!

Daar mag maar verskille wees, want ons interpreteer die Bybel op verskillende maniere.

Sommige mense glo dat die doop ook vir babatjies is, en ander dat jy eers tot geloofsvolwassenheid moet kom. Sommige glo die Sabbat is op 'n Saterdag en ander dat Sondag die heilige dag is. Elkeen van die groepe wat 'n spesifieke oortuiging het, het bewyse uit die Bybel dat sy standpunt reg is. Die feit is dat die ander kant soortgelyke bewyse het van hulle standpunt. Hierdie tipe

verskille, alhoewel vir sommige mense van uiterste belang, is eintlik nietige verskille.

As stoere NG Kerk lidmaat het ek altyd geglo dat Pinkster-kerke die verkeerde boodskap verkondig, en dat  samewerking ‘n saak van onmoontlikheid is. By ’n paar geleenthede ‘n AGS Pastoor ons NG Kerk erediens gelei! ‘n AGS Pastoor vertel dat hy per geleentheid die leraar was van ‘n Sewende Dag Adventiste gemeente. Een NG gemeente het ‘n AGS Pastoor aangestel as ‘n leraar in hulle gemeente. In Ballito het ons ‘n baie suksesvolle mannegroep wat saamgestel is uit al die verskillende kerke. En so kan ek aangaan. Verskillende kerke kan (en moet!) saamwerk, want ons het één evangelie om te verkondig. Wat maak ‘n paar verskilletjies saak? Dáármee kan jy mos maar saamleef. En terloops, ek verskil hemelsbreed van sommige van die ander manne se sienings, maar ons het besluit dat ons maar van

mekaar mág verskil, solank ons dit in liefde en vrede doen en nie mekaar veroordeel nie.

Nou moet ons ook baie deeglik besef dat daar sekere dinge in die Bybel is wat ons net eenvoudig nie verskillend kán interpreteer nie. Kom ons noem hulle die grondwaarhede, en hieraan durf ons nie probeer verander nie.

En dit is juis wat Paulus so hewig ontstel het. Die mense wat in hierdie gemeentes gepreek het, het dinge verkondig wat die diepste fondament van die evangelie, God se genade deur Jesus Christus aangetas en ondergrawe het. Paulus is só ernstig oor hierdie saak dat hy ‘n dubbele vloek uitspreek oor enigiemand wat iets anders verkondig as die ware evangelie.

Paulus wil dit egter baie duidelik maak dat dit nie oor hóm of oor sý prediking gaan nie, maar dat dit oor ‘n véél groter saak gaan. Hy is as’t ware maar net die boodskapper wat hierdie boodskap aan die gemeentes, en

derhalwe ook aan ons vandag oordra. Hy wil nie enige krediet daarvoor hê nie, anders is hy nie ‘n dienaar vir Christus nie.

Dit is baie belangrik dat ons moet begryp dat God se seën ook ‘n ander kant het, want wie God se genade en seën verwerp, bring oor homself ‘n vloek. Dit is ook belangrik om op te let dat Paulus hierdie vloek oor almal uitspreek wat ‘n vals leer sou verkondig, en hy sluit homself ook hierby in. God se boodskap is altyd belangriker as die boodskapper, maak nie saak wie hierdie boodskapper is nie. Selfs ‘n professor aan die universiteit se teologiese skool sal nie daardie vloek vryspring nie!

Wat vandag belangrik is, is om te kan weet wie die vals boodskappers is, en hulle dwaalleer te kan onderskei. Die sogenaamde Nuwe Hervormers is een so ‘n beweging wat die Bybel op ‘n post-modernistiese manier probeer verklaar. Die Godslasterlike dinge

wat hulle kwytraak laat jou hare regop staan, soos dat hulle Jesus se maagdelike geboorte, Sy opstanding uit die dood en Sy wonderwerke bevraagteken. Hulle plaas ook ‘n vraagteken oor die Heilige Gees se inspirasie oor die Ou en Nuwe Testament. Hulle betwyfel selfs die profesieë wat Christus se geboorte en Messiaanse Ryk voorspel. ‘n Ander groep vals leraars, is die Jehovah’s Getuies, wat die Godheid van Jesus en die Heilige Gees vertrap. Dan is daar New Age, Christian Scientology en ‘n hele boel ander wat ‘n “alternatiewe evangelie” verkondig.

Paulus het dit baie duidelik gestel: “Daar is geen ander evangelie nie!” (v7)

Gebed:

Here, bewaar my asseblief daarvan om ooit enigiets anders as die suiwer evangelie te verkondig!

# Paulus

## Galasiërs 1:11-24

**Video**

**Oudio**

Paulus is seker een van die interessantste mense uit die ganse geskiedenis. Daar is dan ook al verskeie boeke oor hom geskryf. Ek het sélf ‘n paar jaar gelede die stoute skoene aangetrek om ‘n reeks oordenkinge oor die ondervindinge van Paulus te skryf. Jy kan hom gratis aflaai op ons webwerf.

Paulus is waarskynlik die Bybelfiguur waarvan ons die meeste weet, want deur Handelinge en die talle briewe van hom wat bewaar gebly het, leer ons hom ken, met al sy vreugdes, sy smarte, sy vrese en die riller-dramas waardeur hy telkens gegaan het. Inderdaad het hy verskeie kere die dood in die oë gestaar en selfs getart! Hy is gegésel, opgesluit in die tronk, met klippe bestook,

uitgejou, deur ‘n slang gepik, ‘n paar keer skipbreuk gely en uit stede gejaag!

Maar daar was ook die talle mooi tye in sy lewe. ’n Menigte heidene het onder sy prediking tot bekering gekom en gemeentes regoor die wêreld het tot stand gekom onder sy hand. Vurige leraars het onder sy leiding ontwaak. Daar was ook humor, soos die nag toe sy preek so lank aangehou het dat een kêrel aan die slaap geraak het en by die venster uitgeval het. Eintlik was dit half ‘n tragedie, want die man het homself te pletter geval, morsdood! Paulus het egter vir hom gebid, en hy het ontwaak uit die dood! Daarna het Paulus doodluiters voortgegaan met sy preek!

Paulus het grootgeword in Tarsus, en as jong seun het sy pa hom na Jerusalem geneem om te studeer onder die beroemde leermeester Gamaliël. Daar het hy ‘n uiters deeglike kennis van die wet en al die

geskrifte opgedoen, iets wat in sy later lewe vir hom van onskatbare waarde was.

Paulus het sy prediking baie ernstig opgeneem, en in hierdie paragrafie van sy brief verduidelik hy waarom. Daardie Damaskus-ervaring wat hy gehad het, het sy ganse lewe omgeswaai. Hy was ‘n fanatiese Fariseër wat die kerk wreed vervolg het. Hy het talle Christene in die tronk gesmyt, want hy kon hierdie “sekte” net eenvoudig nie verdra nie! Hy was selfs deels verantwoordelik vir die moord op Stefanus, hy het toegekyk hoedat sy kollegas Stefanus wreed doodgooi met klippe. Dit kon nie anders as moord beskryf word nie!

En toe kom Jesus in ‘n visioen na hom op die pad na Damaskus, op net nóg een van sy fanatiese vervolgings-ekspedisies. Die opgestane Jesus raak vir Paulus só dramaties aan dat daar ‘n oombliklike ommekeer in sy lewe is. Dit was beslis nie

maklik vir Paulus nie, want nou het die Jode hom verwerp omdat hy skielik “sag” geword het en homself aan die “vyand” se kant geskaar het. Aan die ander kant het die Christen-gelowiges hom steeds gewantrou. Hulle het gewonder of dit nie maar net ‘n slinkse skelmstreek was om hulle by te kom nie? Dit het gekos dat hy moes uitwyk na Arabië, waar hy waarskynlik ‘n deeglike studie gemaak het van hierdie nuwe geloof waarin hy hom bevind het. Eers drie jaar later kon hy terugkom. Algaande het sommige gelowiges hom eers baie skepties begin vertrou. Vir Paulus het dit bitter harde werk beteken om die gelowiges se vertroue te wen.

Maak al hierdie harde werk en dít wat hy moes deurmaak van hom ‘n “goeie Christen”? Paulus reken nie so nie. Dit was God wat in Sy groot genade vir Paulus geroep het om hierdie dinge te vermag.

Paulus vertel hierdie dinge vir die Galasiërs, nie om te wys hoe hard hy gewerk het of hoe goed hy was nie, maar om daardeur vir hulle te bewys dat die evangelie wat hy verkondig waar is en van God af kom. Maar ook dat hy met die gesag van ‘n ware Apostel die dinge aan hulle verkondig. Hulle moet dus deeglik kennis neem dat die “alternatiewe evangelie” wat hulle gehoor het daarom vals is. Tweedens wil hy hiermee ook God se groot genade beklemtoon, selfs oor ‘n eertydse fanatiese kerkvervolger soos hy. Niemand se sonde is te groot vir God om te vergewe nie!

Die lewensverhaal van Paulus lees soos ‘n boeiende roman wat jou hartsnare roer. Dit is propvol spanning, maar het terselfdertyd ook oomblikke wat so mooi is dat jy die trane van aandoening nie kan keer nie. Dit is egter veel meer as net ‘n storie, want uit hierdie verhaal leer ons van God se groot genade en liefde

en dus slaag Paulus se verhaal daarin om sinvol te wees vir elke leser.

Paulus se lewensverhaal moet ook vir jou en my as gewone mense aanspoor om ons lewe aan die Here te wy. Jy hoef nie ‘n voltydse predikant te wees om vir Hom te kan werk nie. Paulus was ‘n tentmaker van beroep, en hy het daarmee genoeg verdien om die evangelie regoor die wêreld te verkondig. Jy kan voltyds werk en steeds die evangelie uitdra, wees net kreatief! Ek weet van baie mense wat op uiters kreatiewe maniere die Woord so verkondig. Ek self is nie ‘n predikant nie, ek werk deeltyds vir die kerk en vul my inkomste aan deur boeke te publiseer. Maar die dagstukkies wat ek elke oggend skryf bereik daagliks duisende mense. Die groot geheim lê daarin dat jy dit nie uit jou eie krag moet doen nie, maar in totale afhanklikheid van God, want sonder

Hom is absoluut niks moontlik nie. Alle eer gaan alleen aan God!

Gebed:

Here, maak my asseblief vandag bruikbaar vir U Koninkryk. Gee my die ywer om op alle moontlike maniere die wonderlike boodskap van die evangelie uit te dra aan die wêreld rondom my.

# Geloofsverskille

## Galasiërs 2:1-10

## Video

## Oudio

Elke twee jaar kom die kerkleiers van die NG Kerk bymekaar om te besin oor allerhande vraagstukke. Dikwels is daar nie ooreenstemming oor sekere dinge nie. Die een slag is dit byvoorbeeld die gay-kwessie wat die vergaderings oorheers, en dan weer die vraag oor die her-doop van volwassenes. Die vraagstuk rondom kerkhereniging in die NG Kerkfamilie is 'n reuse kopseer. Ander kerke het hierdie vraagstuk jare gelede al opgelos! Dikwels is daar sommer baie warm debatte, en dan raak die manne (en vroue) warm onder die boordjie. Wanneer verskillende kerke egter belangrike besluite moet neem uit uiteenlopende geloofsagtergronde, dan kan ek my voorstel

hoe die manne mekaar in die hare sou kon vlieg. Voorbeelde van die verskille sal ek nie eers noem nie, want met hierdie dagstukkies poog ek juis om oor dié dinge te skryf waaroor ons almal saamstem.

Natúúrlik is daar geloofsdinge waaroor ons nooit sal saamstem nie, maar laat ons dan nou maar van hulle vergeet. Ek is al dikwels aangevat oor sulke kwessies, maar ek weier om myself daaroor uit te laat, want niemand gaan deur die ander oortuig word nie, dus is dit ‘n onnodige verkwisting van kosbare geloofs-energie.

Daar is egter soms dinge wat loodreg teen die Bybelse waarhede indruis, en dan mag ek nie stilbly nie. Waar die Bybel byvoorbeeld die kruisiging, dood, begrafnis en opstanding of selfs die Godheid van Jesus Christus in geen onduidelike terme beskryf en as die volle waarheid voorhou, durf ek nie gaan sê dat hierdie dinge slegs in die harte van die

dissipels gebeur het, en dat ons dit “geestelik” moet sien nie. Dan is dit ‘n liederlike dwaalleer.

Paulus het met sulke dinge te doene gekry in die gemeentes van Galasië, en daarom vertel hy vir hulle van die leiersberaad wat hy in Jerusalem bygewoon het, waar hierdie sake wat nou verkondig word reeds uitgestryk is. Daar was Joodse Christene in Galasië wat daarop aangedring het dat alle nuwe Christene besny moes word, en dat hulle die Joodse gebruike moes handhaaf, al die vakansiedae, rituele ens.

Paulus verduidelik dat hierdie sake reeds jare tevore uitgeklaar is op die Jerusalem-beraad, waar hy saam met verskeie ander kerkleiers vergader het. Natuurlik was hierdie beraad nie sonder sy haakplekke en struwelinge nie, net soos dit maar vandag steeds gaan by sinodevergaderings. Jerusalem was natuurlik in die hartjie van

Israel, en die Christene daar was uiteraard meestal behoudende Jode waarvan die meeste nog vasgeklou het aan die ou Joodse gewoontes. Aan die een kant het hulle die bevryding van Jesus ervaar, maar aan die ander kant kon hulle steeds nie wegkom van die wettiese bande wat hulle gebind het nie. Hierdie selfde bande wou hulle toe ook afdwing op al die nuwe bekeerlinge regoor die wêreld, of hulle nou Grieke of Romeine of wie-ookal was.

Paulus het sy voet neergesit: Jesus is genoeg! Dit was nie nodig vir enige nie-Jood om die Joodse tradisies na te kom nie. Dieselfde het natuurlik ook gegeld vir die besnydenis, ‘n tradisie wat uiters swaar geweeg het vir enige Jood. Die kerkleiers het geluister na Paulus se pleidooi en tot die slotsom gekom dat géén nie-Jood ooit gedwing kon word om die Joodse wette te onderhou nie. Die leiers wat hierdie besluite

geneem het was ook nie sommer net ‘n klomp self-aangestelde leiers nie, maar manne met gesag: daar was onder andere Petrus, Johannes en Jakobus, wat beskou was as die pilare van die kerk. Die besluite was dus met groot gesag geneem.

Daardie groot manne het besef dat Paulus deur God na hulle gestuur is. Boonop het hulle geweet dat hy deur God self geroep is om sendingwerk onder die heidene te doen. Hy het, met ander woorde, ‘n mandaat van God gehad, en daarom stem hulle met hom saam. En nou is daar dwaalleraars wat presies hierdie selfde gedagtes waarteen Paulus so gestry het weer in Galasië probeer afdwing. Nie alleen versprei hulle verkeerde inligting nie, maar hulle verbreek ook die “Jerusalem-ooreenkoms”.

Die boodskap vandag is dat daar altyd klemverskille sal wees tussen gelowiges se opvattings oor verskillende sake. Hierdie

verskille kan maklik oorbrug word as ons ruimte maak vir mekaar en mekaar se sieninge respekteer. As die ander kerk anders doop as jy, is hy nie noodwendig verkeerd nie. Sommige glo aan die wegraping, en ander nie, maar wat maak dit saak? Hoe jy doop of hoe jy oor die wegraping glo gaan jou beslis nie uit die hemel hou nie! Daar is selfs Joodse Christene wat vandag steeds die Joodse tradisies en feeste streng onderhou, en daar is niks mee verkeerd nie. Wat egter uiters belangrik is, is die grondwaarhede van die geloof, soos byvoorbeeld dat God ons uit genade red sonder dat ons iets daartoe hoef by te dra. Al wat Hy van ons vra is ons geloof in Jesus. So ook Jesus se Godheid, lyding, sterwe en opstanding. Hierdie soort sake mag nooit óóit in die gedrang kom nie.

Gebed:

Here, gee my asseblief verdraagsaamheid teenoor mense wat anders as ek glo!

# Alweer Petrus!

# Galasiërs 2:11-14

## Video

## Oudio

Ek het jare gelede vir Jan leer ken, 'n wonderlike mens, nederig, vriendelik en altyd daar wanneer jy hom nodig het. Niemand was ooit benede hom nie, en jy kon jou donkerste geheime aan hom toevertrou want jy het geweet dat dit by hom veilig is. In kort: ‘n ware Christen wat in Jesus se voetspore gevolg het. Op 'n mooi dag kry Jan 'n oproep. Hy word 'n fantastiese aanstelling aangebied, een waarvoor hy net eenvoudig nie kon nee sê nie. En so is hy weg.

Jare het gekom en jare het gegaan. En toe, eendag, klim hierdie Blink Stefaans uit sy spoggerige motor en ek gaap hom oopmond aan. En skielik herken ek hom: Maar dis mos Jan! “Jan, waar val jy uit?” Ek is oorstelp van

blydskap. Ons gaan drink ‘n koffietjie êrens in ‘n kafee en gesels ‘n hond-uit-’n-bos-uit. Maar weldra kom ek agter dat Jan van ouds nie meer is nie. Hierdie nuwe Blinkjan is propvol van homself, en hy stel skaars belang in my of enigiemand anders. “Wat’s fout, Jan?” wil ek uiteindelik weet.

“Nee, niks”, wil hy voorgee, “kannie beter nie!” Maar ek kan sommer sien dat Jan êrens langs die pad iets verloor het. Daardie nederigheid, die passie vir mense, die liefde vir God, dit is nie meer daar nie. Dit is met ‘n swaar hart wat ek totsiens sê, want Jan is dood. Die ou Jan wat ek onthou is nie meer nie.

Deur die jare het ek talle mense leer ken wie se harte brandend was vir die evangelie, maar om die een of ander rede geblus is. Wat maak dat mense wegdryf van die heel belangrikste in die lewe? Sonde! Sonde kom in vele monderings, en jy moet elke oomblik

van die dag bly waak daarteen, want sonde dryf ‘n wig in tussen jou en Jesus, en dit maak dat jy jou passie verloor, soos wat met Jan gebeur het. Was dit sy rykdom en sukses wat hom hoogmoedig gemaak het? Het hy dalk bloot nie meer tyd gehad vir God nie? O ja, hy was steeds betrokke by die kerk en hy was voorsitter van elke kommissie en bedrywigheid wat verdienstelik was, maar dit was net ‘n masker.

Is ek en Jan nie dalk een en dieselfde mens nie?

Paulus vertel van ‘n man wat ook verander het, ‘n man vir wie ek baie respek leer kry het: Petrus. Ek onthou Petrus as die heethoofdige dissipel wat gepraat het voor hy gedink het, die man wat vir niks bang was nie. Was hy nie die een wat in die stormagtige see gespring het en op die water geloop het na Jesus toe nie? Ag, en toe

begewe sy moed hom toe hy die reuse branders sien!

Petrus was die een wat vir Jesus verseker het dat hy deur dik en dun by Hom sou staan, ja dat selfs die dood hom nie sou skrikmaak nie. Slegs enkele ure later, doodbang vir ‘n diensmeisie, lieg hy dat hy nog NOOIT vir Jesus geken het nie. Na Pinkster het ons ‘n totaal ander Petrus leer ken. Skielik styg hy uit as ‘n leier van die kerk soos daar nog nooit was nie. Onverskrokke het hy selfs die Joodse Raad aangevat, want sy passie vir die evangelie was onblusbaar. Hy was bereid om sy diepgewortelde Joodse tradisies totaal opsy te skuif sodat mense Jesus in hom kon sien. Was Petrus nie brándend vir die evangelie nie!

En nou kom Paulus, en hy vertel van die “ander” Petrus, ‘n Petrus wat weer bang geword het vir die golwe, bang vir die diensmeisie. Hierdie keer was dit nie

seegolwe nie of die diensmeisie van die Hoëpriester nie. Nou was Petrus bloot bang vir Jode wat neus-in-die-lug op die nie-Joodse Christene neergekyk het. Skielik het hy begin vergeet van die "ander" mense in die gemeente, en het hy begin kliek met die Jode. Hy was tog immers sélf 'n Jood!

Het Petrus begin hoogmoedig raak? Het sy passie vir die evangelie begin verflou? Het Jesus dalk nie meer die plek in sy lewe ingeneem wat Hy vroeër ingeneem het nie? Het die suksesse wat hy behaal het, deur "hoof" van die kerk te wees, dalk na sy kop gegaan? Het hy miskien terug verlang na sy ou Joodse lewe? Of was daar dalk ander dinge wat Petrus verlei het? Ons sal nie weet nie. Wat ons wel weet is dat hierdie "afdwaal" van Petrus dalk die "verkramptes" wat nou besig was om moeilikheid te maak in Galasië, die nodige hupstoot gegee het om hulle ding te doen.

Ek en jy moet baie mooi luister na wat Paulus hier vertel, en gedurigdeur selfondersoek doen, of ons nie dalk besig is om dieselfde paadjie as Petrus te loop nie, dalk net op ‘n ander spoor. Is daar dinge in my lewe wat besig is om ‘n muur te bou tussen my en Jesus? Is daar dalk iets wat verhoed dat ek met dieselfde passie my liefdeswerk kan voortsit? Het iemand dalk iets gesê wat my vies of seergemaak het, en nou loop ek met opgekropte gevoelens wat my Christenskap vertroebel in plaas van om te vergewe en te vergeet? Het ek dalk bloot lui geword, of gemaksugtig, of hoogmoedig of te ryk of te verhewe bo die “gepeupel”?

As ons besig is om weg te dryf, dan het dit tyd geword dat ons biddend die wil van God opsoek!

Gebed:

Here, waar ek dikwels so van U af wegdryf, smeek ek dat U my hand styf vashou en my terug trek na U toe.

# Geestelike Hoogmoed

## Galasiërs 2:15-21

**Video**

**Oudio**

Toe hy in die boekwinkel instap, sien ek sommer: hier kom moeilikheid! Hierdie man is op ‘n missie, en dit is beslis nie om ‘n boek te koop nie! Die Christelike boekwinkel waar ek gewerk het in Welkom het nie vreeslik baie boeke verkoop nie, en dikwels het mense net daarheen gekom om te kom gesels. Dit gebeur dat ‘n mens met ‘n probleem in jou lewe rondloop wat jy met niemand kan bespreek nie, en hier was ‘n totale buitestaander (dis nou ekke) wat bereid was om na probleme te luister. Nee, ek het beslis nie al die antwoorde gehad nie. Ek het stééds nie al die antwoorde nie, maar ‘n gewillige oor is dikwels ál wat ‘n persoon nodig het.

Die man wat dáárdie oggend egter instap, se probleem was egter van ‘n heel ander aard. Niemand wou meer na hom luister nie, en dus kom vertel hy toe maar vir my. “Ons is die Nuwe Israel”, val hy met die deur in die huis. Natuurlik stem ek saam want ons as gelowiges is mos die volk van God!

“Nee, jy verstaan gladnie!” beduie hy vir my. Daardie “ons” waarvan hy praat beteken die Afrikanervolk. Ek voel sommer: hier kom ‘n lááááááng dag! Breedvoerig verduidelik hy vir my dat hy ontdek het dat ons Afrikaners nou die uitverkore volk is en nou dus ál die voorregte geniet wat Israel van ouds gehad het, heilig, onaantasbaar en verhewe bo alle ander sterflinge!

Ja, dit is omtrent hoe die Jode van ouds oor hulleself geglo het en hoe sommige Jode selfs vandag nog glo. Geestelike hoogmoed, sou ‘n mens dit dalk kon noem, want bloot jou afkoms alleen is genoeg om jou op ‘n

platformpie te plaas bo die gepeupel. Natuurlik was daar vir die Jode ook die ander uiters belangrike punt, en dit was om die wet van Moses te onderhou, want hierdeur het jy natuurlik gewys dat jy waarlik erns maak met jou afkoms. Die droewige nuus was dat dit nie net die ortodokse Jode was wat hierdie ingesteldheid gehad het nie, maar ook van die Joodse Christene. In Galasië was húlle juis die mense wat vir Paulus soveel hoofbrekens besorg het met hulle dwaalleer!

Paulus wil dit beklemtoon dat daardie dinge van absoluut géén waarde is nie, want daar is slegs één enkele ding wat vir jou vryspraak gee: die versoening wat Jesus Christus deur Sy kruisdood bewerkstellig het.

Ja, dis baie maklik om ‘n vinger te wys na die Jode of selfs daardie groep wat glo dat die Afrikaner die uitverkore volk is. Ons distansiëer ons van hulle, want die Bybel leer ons dat dit verkeerd is. Wat ons egter baie

gou vergeet is dat daar ‘n soortgelyke geestelike hoogmoed binne in die kerk vandag heers wat nét so gevaarlik is. Die ontstellende is dat dit nie onder ongelowiges plaasvind nie, maar juis die aktiewe gelowiges wat op alle terreine betrokke is. Ons moet uiters versigtig wees om onsself nie beter te sien as ander mense nie. As ek een van die gewillige ouens is wat maar altyd bereid is om my gewig in te gooi waar dit nodig is, word dit so maklik om neer te sien op diegene wat maar net passasiers is op die geloofstrein en nooit hulle kant bring nie. As ek al goed gevorder het in my geestelike lewe, is dit so maklik om op die “kleintjies” neer te sien wat maar nog in hulle babaskoene staan, en myself beter as hulle te beskou. Ek het immers darem mos al gearriveer!

Vryspraak is uit die geloof, en nie uit die wet nie, dis wat Paulus by elkeen van ons wil

tuisbring. Ons kan net eenvoudig nie verlossing verdien op enige manier nie. Nie deur harde werk óf Bybelstudie óf om gereeld elke Sondag kerktoe te gaan of wát-ook-al nie. God gee verlossing gratis aan enigeen wat bereid is om dit te ontvang. En die enigste manier wat ons dit kan ontvang is deur in Jesus te glo. Hy het in ons plek aan die kruis gesterf en sodoende vir ons sondes betaal. Hierdie is die fondament van die evangelie. Verder moet ons onthou dat alle mense kan sondig, korrup en sleg is, selfs die heiligste mense. Jou beste pogings om goed te doen kan maar korrup wees, al dink jy ook dat jy nou nie te sleg doen nie!

Daar is egter ‘n klompie wonderlike dinge wat met jou gebeur wanneer God die dag jou skuld kwytskeld en afskryf: Jy gaan dood vir die wet! Met ander woorde, jy hoef nie meer krampagtig vas te klou aan die wet of om goeie dinge te móét doen nie. Nou is jy vry

om vir God te lewe omdat dit vir jou lekker is en omdat jy dit wíl doen. Jy kry deel aan die ewige lewe slegs omdat jy in Jesus glo. Jy is saam met Christus gekruisig en jy deel daarom in al die voordele van Sy dood. En Christus lewe in jou! Daar ontstaan ‘n nuwe “ek” waar Jesus deur die Heilige Gees die kern van jou persoonlikheid oorneem. Hieruit begin ‘n nuwe lewe vorm wat volgens God se wil geskied, en kan jy mos net eenvoudig nie hoogmoedig wees nie, want dit is nie jy nie maar God wat al hierdie dinge in jou doen.

Gebed:

Here, bewaar my asseblief daarvan dat ek ‘n groot kop kry en hoogmoedig raak in my geestelike lewe. Hou my asseblief altyd nederig!

# Die Heilige Gees

## Galasiërs 3:1-6

**Video**

**Oudio**

Hoe belangrik is ‘n “ervaring met die Heilige Gees”? Met hierdie vraag krap ek dalk vanoggend ‘n byenes oop, want verskillende mense verstaan verskillende dinge onder hierdie term, en sommige mense kan baie warm onder die boordjie raak as jy dit maar net noem. In die NG Kerk was daar vir baie jare ‘n tradisie dat jy nie eers hieroor praat nie, want dit is “sektaries”. 1 Kor 13 is ‘n baie gewilde Skrifgedeelte, dikwels om die verkeerde redes. Hierdie gedeelte handel oor die uitnemendheid van die liefde, en dan staan daar dat liefde baie belangriker is, selfs as Geesteservarings. Dit wil egter nie sê dat ‘n ervaring met die Heilige Gees onbelangrik of minderwaardig is nie. Ons in die NG Kerk

wil egter dikwels ervarings met die Heilige Gees wegwens.

Paulus skryf aan die Galasiërs oor basies dieselfde probleem. In hulle geval was dit egter die Wet van Moses wat vir hulle belangriker geword het as die Heilige Gees. Paulus is skoon ongedurig as hy hieroor skryf, want die wet kan niemand red nie, maar daar het iets met daardie mense gebeur toe hy destyds aan hulle die evangelie verkondig het, wat gemaak het dat hulle geloof brandend was. Wat was dit? Hulle het die Heilige Gees ontvang. Uit wat Paulus skryf kan ons aflei dat die werk van die Heilige Gees op ‘n baie duidelike manier gesien kon word in hulle lewens nadat hulle tot bekering gekom het. Ons weet nie presies wat daar gebeur het nie, want Paulus noem dit nie, maar ons kan maar net raai. Moontlik is dit die vrug van die Gees wat in só ‘n mate tot uiting gekom het dat hulle letterlik gestraal

het. Dit kon ook die praat van vreemde tale of iets dergeliks gewees het. In vers 4 vra Paulus: “Was julle swaarkry dan verniet?” Die 2020 vertaling lees: “Het julle vergeefs soveel beleef?” Dit verwys na die kragtige werke van die Heilige Gees waarvan Paulus in vers 5 praat.

Wat Paulus eintlik hier wil sê is dat God die Heilige Gees aan elkeen van hierdie gelowiges gegee het nadat hulle die evangelie van Paulus gehoor het. Paulus het dus die evangelie volgens God se wil oorgedra. Sy prediking was korrek. Dit is daarom dat hy hulle oor en oor die vraag vra, hoe hulle dan die Heilige Gees gekry het. Eers later het die dwaalleraars gekom en ander dinge in hulle koppe geprop, en sodoende Paulus se boodskap totaal verdraai.

Dit is belangrik om te weet watter geweldige verandering die evangelie destyds tot gevolg

gehad het. In ‘n ou gevestigde tradisie van afgodediens moes hierdie mense skielik ‘n totale nuwe siening aanvaar. Hulle moes versoen met ‘n Godsdiens wat radikaal anders was as dit waaraan hulle gewoond was en dikwels gladnie sin gemaak het nie. Menslike redenasie sou hulle nooit tot ander insigte kon bring nie, alleen die kragtige werk van die Heilige Gees! Dit het nie alleen hulle denke verander sodat hulle al hulle gode laat vaar het om in slegs één God te glo nie. Boonop 'n God wat Sy Seun vir hulle laat offer het! Dit het hulle ganse lewensstyl verander. Haat, wraak en angs het plek gemaak vir liefde en vertroue.

En vandag? Watter verskil maak die Heilige Gees in mý lewe? Ek kry skaam as ek besef vir watter ou klein verskilletjie ek dikwels bereid is om voor toe te gee maar is nie bereid om die Heilige Gees toe te laat om ingrypende veranderinge in ons lewens te

maak nie. God het tog nie verander sedert Paulus se tyd nie! Wat hét dan verander?

Dit kan dalk ‘n kombinasie van ‘n hele aantal dinge wees: eerstens is ons oor baie jare in die kerk geleer dat jy jou Christenskap baie stemmig moet hou (nou praat ek spesifiek van die NG Kerk en haar susters). Jy wil tog nie gebrandmerk word as “Charismaties” nie? Tweedens dink ek dat ons gevorderde tegnologie en wetenskaplike denke ook sy merk maak. Enigiets wat nie wetenskaplik bewys kan word nie, word dikwels afgemaak as ‘n mite. Geloof in Jesus Christus, en die werking van die Heilige Gees is so ‘n “onbewysbare” saak, en dus hou jy dit maar stil anders word jy dalk uitgelag. Iemand sê eendag vir my dat hy nie in God kan glo nie, want hy kan nie glo in Iemand wat alomteenwoordig is nie? Niemand kan tog tegelyk in twee verskillende plekke wees nie? Dis mos gans onmoontlik!

Dit het tyd geword dat ons die Heilige Gees vrye teuels gee in ons lewens. Dankie tóg dat baie NG gemeentes besig is om te ontwaak, en dat ons wonderlike verandering daar kan sien. My bede is dat dit ook deur sal suurdeeg na individue toe, en dat ek en jy sal toelaat dat die Heilige Gees ons lewens ten volle beheer, sodat ons brandend en bruikbaar in God se Koninkryk sal word.

Gebed:

Heilige Gees, kom asseblief en bevry my gedagtes sodat ek U vrye teuels in my lewe kan gee om in my en deur my te werk.

# Geloofsman

## Galasiërs 3:6-14

### Video

### Oudio

Gelowiges in Abraham se tyd was maar bitter yl gesaai, so wil dit voorkom uit die geskiedenis. Abraham se pa, Tera, het drie seuns gehad: Abraham, Nahor en Haran. Abraham is getroud met sy broer Nahor se dogter, Sarai. Daardie jare het hulle trouery maar in die familie gehou! Nét so is geloof ook maar in die familie gehou. Noag se seun, Sem het die saadjie van geloof gedra wat hy by sy pa gekry het, en baie, baie jare later, kort na Noag se dood was daardie saadjie van geloof steeds lewendig toe Tera sy seuns grootgemaak het in die vrese van die Here. Vir hulle was geloof eenvoudig: glo in die Allerhoogste God!

So het dit dan gekom dat God met Abraham gepraat het toe hy al ‘n man van 75 was, en vir hom gesê dat hy moet wegtrek na ‘n vreemde land, Kanaän. Alles wat vir hom bekend was sou hy agterlaat en gaan woon in ‘n land waar geloof in God totaal onbekend was. Net hy, Sarai en sy broer Nahor se seun, Lot en sý gesin het getrek. Dit moes sékerlik vir hom bitter swaar gewees het daar in die vreemde, ver van sy familie af en stoksielalleen in sy geloof. Hy kon egter aan God se belofte vashou, die belofte wat God hom gegee het toe Hy hom die vreemde ingestuur het: “In jou sal al die nasies geseën word”. Dikwels het Abraham seker teruggedink aan daardie dag en God se wonderlike belofte. Miskien het hy gewonder wat God werklik daarmee bedoel het? Selfs toe hy al ‘n ou man was, kort deuskant 100, en die twyfel aan sy nageslag hom opgevreet het omdat daar nog nie ‘n nageslag vir hom

in sig was nie, het hy steeds krampagtig aan God se belofte vasgeklou!

Jare later, nadat hy die vreugde van ouerskap kon ervaar het, was daardie geloof van hom weereens bitterlik beproef toe hy van God die opdrag kry om sy enigste seun, Isak te gaan offer. Inderdaad het Abraham reeds deur diep waters gegaan, en deur die jare het hy geleer om God te vertrou. Selfs hierdie verskriklike vuurproef sou hom nie laat wankel nie.

Abraham het ‘n paar lelike blapse in sy lewe gemaak, maar één ding staan soos ‘n paal bo water: sy onwrikbare geloof in God, selfs deur die héél moeilikste van omstandighede.

Dit is na hierdie geloofsheld wat Paulus verwys in Galasiërs 3. Soos reeds gesê, was Abraham óók maar mens, en toe hy die dag in die nood was, het hy gelieg oor Sarai en by meer as een geleentheid vir ‘n koning vertel dat Sarai eintlik maar net sy suster

was. En elke keer het hy so byna-byna in baie diep sop beland. Boonop het hy ook maar ongeduldig geraak toe die Here draai met Sy belofte oor ‘n nageslag. Hy het selfs so ver gegaan om God ‘n bietjie te probeer aanhelp! Desperaat het hy ‘n kind verwek by Sarai se slavin! Dit wás darem met Sarai se medewete en goedkeuring. Maar selfs dít het God hom vergewe, want Abraham was vrygespreek op grond van sy geloof in God. Hierdie geloof is natuurlik ná Abraham van geslag tot geslag oorgedra, eers Isak, toe Jakob en sy hordes agterkleinkinders. Inderdaad was dit nie altyd so suksesvol oorgedra nie, en afgode het dikwels geseëvier.

God moes ingryp! Hy moes deur Moses die wet vir die volk gee. As hulle dit kon onderhou, was daar vir hulle redding. Maar dit was bitter moeilik, en selfs hierdie eenvoudige riglyne vir die lewe was vir hulle

dikwels net eenvoudig te swaar om na te kom. Boonop was dit beperk, want hierdie jaloerse Jode sou nie sommer toelaat dat enige buitestaander deel kry in God se genade nie. Weereens moes God ingryp, hierdie keer baie drasties. Dit sou ‘n baie duur onderneming wees om Sy belofte aan Abraham gestand te doen.

Paulus vertel nou wat daardie belofte aan Abraham daardie jare beteken het. Duisende jare sou verbygaan voordat Jesus gebore sou word uit die nageslag van Abraham. Deur Jesus se soenverdienste het die deure oopgegaan, nie alleen vir Abraham se fisiese nageslag nie, maar nou vir ál die nasies. Iemand wat nie God se wet kon nakom nie was onderhewig aan God se vloek. Jesus het daardie vloek op Hom geneem toe Hy aan die kruis gesterf het, en so weereens elkeen vrygespreek wat slegs in Hom glo.

God het beloftes aan Abraham gemaak en dit tot die laaste titteltjie nagekom. God het ook in sy Woord beloftes aan jou en my gemaak. Sy Woord is propvol beloftes en elkeen van hulle kom Hy na. Sy beloftes is egter onderhewig aan iets van jou kant af. Nee, dit beteken nie dat jy die wet in sy volheid moet nakom nie, want dit is gans onmoontlik. Dit vra van jou en my net een enkele ou dingetjie: **GLO IN JESUS CHRISTUS**. As jy dit doen kry jy nie alleen God se vryspraak nie, maar ook God se seën. Hierdie seën word vir ons uitgespel op talle plekke in die Bybel, maar die grootste aspek van die seën is die feit dat God die Heilige Gees in jou lewe gee. As jy toelaat dat Hy jou lewe beheer, dan wag daar wonderlike dinge op jou.

Gebed:

Dankie Here, vir geloofshelde soos Abraham. Heilige Gees, neem my lewe en maak asseblief iets mooi daarvan.

# Die Testament

## Galasiërs 3:15-25

**Video**

**Oudio**

Oom RykGert stel met bewende hande sy laaste testament op. Hy was ‘n suksesvolle sakeman, en hy het sy onderneming deur die jare opgebou tot ‘n uiters winsgewende maatskappy. Maar nou het Oom RykGert nog net ‘n kort tydjie oor om te leef. Hy het nooit getrou nie, en daar is dus niemand om sy rykdom te erf nie. Tóg is daar ‘n hele paar hoopvolles wat wag om te aas!

En dan sterf hy. Sy testament lê opgesluit in die prokureur se kluis. Een-vir-een kom lê die hoopvolles by die regsman besoek af om te verneem hoe die testament lees, maar sy lippe is gesluit. Hulle probeer die prokureur oorreed om die testament te verander in

húlle guns, maar hy weier. Wat geskryf is, is geskryf. Dit is finaal.

Op ‘n dag roep die prokureur al die hoopvolles saam, en baie dramaties maak hy die verseëlde koevert met Oom RykGert se testament oop. Binne is een velletjie papier met die woorde: “Aan my nefie Bennie bemaak ek my héle sakeonderneming.” Dis al! Net daardie enkele sinnetjie!

Bennie is verslae: “Wat het ek gedoen om dit te verdien? Ek het nog nooit werklik iets vir Oom RykGert gedoen nie, ek ken hom skaars! Ek verstaan dit nie!”

Die res is almal hoogs ontstoke. Hulle het so hard probeer om Oom RykGert te beïndruk, en hulle kry nie ‘n bloue duit nie! “Ek gaan prosedeer!” gil Hendrik. Sannie, ‘n verlangse niggie, skree met ‘n skril stemmetjie: “Ek gaan dit in die hof beveg!” Ou Karel is woedend: “My hele lewe lank het ek my

afgesloof vir simpele ou RykGert. Wat kry ek? Niks!”

En Bennie? Hy loop oor van dankbaarheid! Dan neem hy ‘n besluit: “Ek gaan my bes probeer om ‘n reuse sukses te maak van die onderneming, en ek gaan die winste terugploeg in die arm gemeenskap.”

Vandat ons oor die wet en genade begin gesels het, het ‘n paar mense al wenkbroue gelig, want wat was dan die doel van die wet van Moses as dit vandag nie meer geld vir ons nie? Waarom het God in die eerste plek die Wet gegee? Moet ons nou totaal-en-al van die Wet vergeet?

Paulus het dit baie mooi gestel toe hy dit met ‘n testament vergelyk het. God het Sy testament aan Abraham bekend gemaak. Daarin beloof Hy onder meer vir Abraham dat al die nasies in sy nageslag geseën sal word. Hiermee sê God eintlik vir Abraham dat Hy Jesus uit Abraham se nageslag sou

laat voortkom, en dat Jesus die volkome vryspraak sou gee.

Soos ons reeds gesien het, was Abraham ‘n diep gelowige mens. Ongelukkig kan ons dit nie sê van al sy nakomelinge nie, en dikwels het hulle die Here baie diep bedroef. So byvoorbeeld, wanneer Moses op die berg Sinaï in heilige oomblikke in God se teenwoordigheid verkeer, raak die wagtyd vir die volk te veel en hulle begin met afgodsaanbidding. En dít terwyl die heilige gesprek tussen God en Moses plaasvind! Hierdie volk het géén begrip gehad van hóé om met God te verkeer, soos hulle voorvader Abraham nie.

God móés ingryp en vir hulle riglyne neerlê oor wat van hulle verwag word. Hy moes vir hulle uitspel oor hoe jy aan God eer moes bewys en jou medemens moes behandel. Steeds was dit nie genoeg nie, en later moes Moses allerhande Godsdienstige rituele

inbring om die rebelse en hardkoppige klomp Jode se gedagtes op God te vestig. Spesiale feeste moes sorg dat die mense onthou dat dit God alleen was wat redding kon gee. Hy het hulle immers uit die slawerny van Egipte gered! Ander rituele moes hulle herinner aan die heiligheid en reinheid van God.

Steeds was hierdie dinge nie genoeg nie, en die arme moedelose Moses moes in fyn detail vir die weerbarstige klomp elke titteltjie en jota kom uitspel, nes jy vir ‘n stout kind reëls en regulasies moet neerlê. Hulle was soos ‘n klomp babas wat elke oomblik van die dag opgepas moes word. Die doel van die wet was dus om as “babawagter” hierdie rebelse klomp op te pas. Nóóit was die doel van die wet om redding te gee nie. God se genade alleen kon redding gee. As die saak tussen jou en God reg is, sal jy Hom mos liefhê en outomaties die regte dinge teenoor Hom doen! Dat jy aan Hom liefde en respek

sal gee en dat dieselfde liefde en respek sal oorloop na jou medemens.

In God se testament aan Abraham beloof Hy vir Jesus. Die wet moet dien as ‘n “tussenganger” totdat daardie belofte in vervulling gaan. Die belofte is intussen vervul en die beloofde Messias hét inderdaad gekom. Dit maak dan ook uiteraard die wet “oorbodig”. Beteken dit dat ons gladnie meer die dinge wat in die wet vervat is hoef na te kom nie? Nee, beslis nie om die saligheid te verkry nie! Dit moet egter ‘n natuurlike uitvloeisel wees om hierdie dinge natuurlik te doen uit dankbaarheid, want dit is mos hoe jy optree teenoor God en jou medemens. Die belangrike punt wat Paulus hier wou tuisbring is dat die wet nooit ‘n verlossingsmiddel is nie, maar dat **GELOOF in CHRISTUS** die enigste weg na verlossing is.

Gebed:

Here, dankie vir U verlossingswerk, want my beste werke sou my nooit verlossing kon gee nie!

# Multivrugteboom

## Galasiërs 3:26-29

**Video**

**Oudio**

Dit was ‘n bitter koue, onplesierige dag op Stanger, sowat 20 jaar gelede. Op die pawiljoen van die skool se swembad sit ‘n groepie baie opgewonde mense en wag vir die predikant om op te daag. Die spanning is ondraaglik! My oë vee oor die groepie. Daar is oumense, jongmense en kinders, selfs ‘n paar babas. Die ganse gemeente is hier bymekaar vir ‘n baie groot gebeurtenis in hulle lewens.

‘n Jaar of twee tevore het ‘n sendeling begin werk onder die Hindoe en Moslem gemeenskap van Stanger. Uiteindelik was daar ‘n klein gemeente van 30 lidmate, almal bekeerlinge uit die heidendom. Die evangelis het skielik met ‘n skok tot ‘n besef gekom dat

nie een van hierdie lidmate van hom ooit gedoop is nie. Hy gesels met sy kudde, en saam besluit hulle om een groot doopgeleentheid daarvan te maak. Daar word beplan, gesels, bespiegel, en hoe meer daaroor besin word, hoe meer opgewonde raak hulle. Een jong kêrel sê dat hy graag sy doop wil beleef as ‘n onderdompeling om die afwas van sondes te simboliseer, anders as die tradisionele besprinkeling wat in die NG Kerk praktyk is. ‘n Ander is egter meer konserwatief en wil hou by die water wat oor sy voorkop gesprinkel word. Ons gemeente se predikant word nader geroep, en die sendeling verduidelik wat hulle situasie is, en “Dit sal lekker wees as jy kan help, Dominee!”

En so breek die yskoue oggend aan. In sy agterkop moet die dominee beplan vir die doop waar uiteindelik ‘n hele paar verkies het om die onderdompeling te ondergaan. Die

bitter koue water van die swembad lê soos ‘n ysberg voor hom, en natuurlik is hy gewoond daaraan om baie respektabel aangetrek te wees in swart pak en toga vir so ‘n belangrike gebeurtenis soos ‘n doopgeleentheid. Hy wik en weeg oor sy opsies, en uiteindelik daag hy op waar almal in spanning en opgewondenheid vir hom sit en wag. Hy is geklee in ‘n netjiese wit hemp en das, en onder dit, baie opvallend …... ‘n duikpak om hom teen die koue te beskerm! Die hele gemeente is daardie oggend gedoop, oumense en kinders, jongmense en babas. Sommige is onderdompel en sommige besprinkel. Etlike nuwe lidmate het die ysige water bibberend getrotseer om deel te kry aan Jesus Christus. Daardie doop was ‘n uiters emosionele en aangrypende geleentheid wat ek nooit sal vergeet nie!

Deur die doop word ons almal met Christus verenig, sê Paulus in Galasiërs 3:28. Dit is

soos om ingeënt te word. In my jong dae was daar nie allerhande dinge soos TV, selfone en tablette om mense besig te hou nie. Dit was eenvoudige dinge wat vir vermaak gesorg het. Een van die baie gewilde aktiwiteite was om takkies van verskillende soorte vrugtebome op een boom in te ent. Die onderpunt van 'n jong loot word versigtig in ‘n “V” gesny. Aan die moederboom word daar ’n keep gesny in ’n takkie, wat presies dieselfde vorm en grootte het as die “V” van die loot, en dan word die loot in die keep aan die moederboom ingedruk en styf vasgebind. Daar moet volkome versoening wees tussen die twee plante. Lewegewende sappe van die moederboom vloei deur die vate van die loot en voed hom. Uiteindelik groei hy heeltemal daar vas en vorm hulle ’n eenheid, en hierdie loot kan selfs vrugte dra. So sou jy uiteindelik ‘n geelperskeboom kry wat pruime, appelkose, lospitperskes en ‘n verskeidenheid ander vrugte dra!

Op dieselfde manier word ons deur die doop "ingeënt" op Jesus Christus om uiteindelik totaal een met Hom te word, en saam met Hom te groei tot één geestelike boom. Net soos met die multivrug boom van ouds, is daar ook in hierdie geestelike boom 'n verskeidenheid van "vrugtelote". Nie alleen is daar 'n verskeidenheid in kultuur en ras nie, maar ook in verskillende aanbiddingstyle: NG, AGS, Methodiste, Anglikane, Baptiste, Volle evangelie - noem maar op. Daar is 'n ryke verskeidenheid van uiteenlopende sieninge en denominasies, maar almal het één ding in gemeen: almal groei aan dieselfde "Boom", Jesus Christus, en almal is onlosmaaklik deel van daardie selfde "Boom".

'n Vraag wat dikwels gevra word is, watter van daardie lote is nou eintlik die belangrikste? In Paulus se tyd was mans die belangrikste wesens op aarde. Vrouens was

etlike trappe laer. Kinders was net so ‘n klein trappie hoër as die slawe, wat natuurlik nie veel meer status gehad het as blote eiendom nie. Die Jode het hulleself weer as verhewe bo enige ander volk gesien, en as jy besny was, dan was jy ook ‘n trappie hoër as die onbesnedenes. Paulus wil dit baie duidelik stel dat as jy in Christus is, dan is almal presies gelyk. Die deurslaggewende faktor is of jy in Christus glo of nie.

Vandag durf ons ook nie onderskeid maak deur een persoon hoër as die ander te ag nie. In die kerk van Christus mag daar nie so ‘n ding wees soos diskriminasie nie. Natúúrlik mag daar verskille wees, maar elkeen moet die ander respekteer en as ‘n gelyke sien, en nooit as minderwaardig nie, maar deel van daardie “Boom”, Jesus Christus.

Gebed:

Dankie dat U my ook deel gegee het aan U wonderlike “vrugteboom”, Here.

# Aangeneem

## Galasiërs 4:1-7

**Video**

**Oudio**

Stefaans en sy vrou het nooit kinders gehad nie, dus het hulle ‘n seuntjie aangeneem, Jannie. Van kleintyd af is Jannie die liefde aangeleer vir die grond, en hierdie plaas het sy lewe geword. Maar eers was daar natuurlik landbou skool. Hy moes koshuis toe. Naweke het hy een geword met sy groot liefde, die veld, koppies en diere. Plaas was in sy bloed!

Op ‘n dag roep die skoolhoof hom in: daar is slegte nuus: sy pa is baie siek, en hy moes dadelik huistoe. ‘n Paar dae later is Pa Stefaans dood. In sy testament bemaak hy sy plaas aan Jannie. Sy pa se dood is vir hom ‘n groot slag, want hulle was baie naby aan mekaar, maar die troos van sy

wonderlike erfporsie droog sy trane af. Jannie kan dit net eenvoudig nie glo nie: die plaas waarvoor hy so lief is, is nou syne! Maar dan moet hy tot die werklikheid geruk word: daar is ‘n klousule in die testament wat bepaal dat Jannie eers besitreg op die plaas kan kry wanneer hy die dag 21 word. “Maar waarom?” wil Jannie weet, “Ek kan mos maar nou skool los en kom boer!”

Stefaans het goed geweet dat Jannie dalk onverstandig sou optree as hy die plaas oorneem as jong seun, en daarom het hy bepaal dat die plaas bestuur word namens Jannie totdat die tyd ryp is vir Jannie om dit verstandig te kon beheer. O ja, die plaas het reeds aan Jannie behoort, maar tot hy mondig was het hy geen sê daaroor gehad nie.

Paulus gebruik die welbekende voorbeeld van ‘n onmondige erfgenaam wat moet wag tot die tyd deur sy pa bepaal, om die

wêreldgeskiedenis te verduidelik. Net soos wat Stefaans met Jannie gemaak het, het God vir die mensdom ‘n tyd van vrywording bepaal, naamlik toe Jesus na die wêreld gestuur is.

Soos wat slawe destyds losgekoop was, so het Jesus ook gekom om die mensdom los te koop. Hoe het Hy dit reg gekry? Hy moes eers mens word net soos ek en jy, en dus het Hy deur die normale geboorteproses gegaan en moes Hy die vernedering deurmaak wat elke kind daardie dae moes deurmaak. Hy was, net soos elke ander Jood daardie tyd, aan die wet onderworpe. Deur Sy lyding en dood het Hy ons egter kom loskoop, en die wonderlike gevolg daarvan is dat ons (ek en jy) deur God aangeneem is as Sy eie kinders.

Word ‘n aangenome kind enigsins anders behandel as ‘n ouerpaar se ander kinders? Nee, beslis nie! Hulle is die ouers se kinders

in die volste sin van die woord, en deel in al die voorregte wat die ander kinders deel. So is dit ook met ons as “aangenome kinders” van God. Ons deel in al die voorregte.

Voor Jesus se koms was die mensdom slawe van wettiese godsdienstige reëls. Alhoewel dit nie God se bedoeling was dat hulle hierdeur hulle saligheid moes verdien nie, het hulle tóg deur allerlei vorms van wettiese godsdiens probeer om hulle verlossing sélf te bewerkstellig. Vrywording het egter aangebreek op die tyd deur God bepaal, toe Jesus gekom het.

Die absoluut onverstaanbare is egter dat daar so baie mense was wat teruggehunker het na daardie tyd toe hulle slawe van die wet was. Dit is presies wat die Galasiërs besig was om te doen. Hulle het gedink dat hulle verlossing kon verdien deur allerhande wette te onderhou, maar hulle het ‘n groot

fout gemaak. Hulle was, in Paulus se woorde, “onmondig”.

In vers 6 en 7 noem Paulus wat ‘n voorreg dit is om ‘n (aangenome) kind van God te kan wees: God gee die Heilige Gees in ons harte. Hierdie is nie iets spesiaals wat net met sekere bevoorregte kinders gebeur nie, maar God gee die Heilige Gees aan élke gelowige. Hy, die Heilige Gees oortuig ons in ons binneste dat ons God se kinders is, sodat ons kan uitroep: “Pappa! Vader!” Hy help ons om dit in die praktyk te kan ervaar, byvoorbeeld in ons gebedslewe, om met vrymoedigheid met God te kan praat en gesels.

Om hierdie dinge te kan ervaar is ‘n onbeskryflike groot ondervinding. Daar is egter vandag steeds Christene wat net soos die Galasiërs van ouds “onmondig” geword het en daardie wonderlike ervaring verruil het vir die nakom van wettiese godsdienstige

reëls. Paulus se raad is om daarvan te vergeet en jou te laat vrymaak van daardie slawebande. Luister na die stem van die Heilige Gees, en laat jou deur Hom lei na ongekende hoogtes in jou geestelike lewe. Ondervind weer waarlik wat dit beteken om ‘n vrygemaakte aangenome kind van God te wees wat deel in al die wonderlike voorregte wat Hy so mildelik aan Sy kinders uitdeel.

Gebed:

Here, dankie dat U my U kind gemaak het. Leer my asseblief om dit elke oomblik van die dag te besef en my kindskap ten volle uit te leef.

## Vrygekoop!

## Galasiërs 4:8-20

[Video](#)

[Oudio](#)

Paulus is ‘n desperate man. Die vals leer wat die gemeente in Galasië aanhang rus bitter swaar op sy arme oorlaaide skouers, en hy probeer alles in sy vermoë om hulle tot ander oortuigings te bring. Nou loots hy ‘n hartroerende, emosiebelaaide oproep om hulle te probeer oortuig dat hulle verkeerd is. Dit is totaal onverstaanbaar dat hulle hierdie verkeerde leer probeer aanhang!

In vers 8 sê hy dat hulle voorheen die slawe van “nikswerd afgode” was. Hulle het ‘n godsdiens aangehang waar hulle gebind was aan allerhande reëls en rituele om hierdie sogenaamde gode van hulle te probeer gelukkig hou. Hulle moes offerandes bring en allerhande rituele uitvoer volgens die

priesters se voorskrifte, en dit alles vir gode wat absoluut niks vir hulle kon doen nie.

Toe bring Paulus hulle die boodskap van God se verlossing. Hulle hoor die blye nuus dat Jesus hulle kan vrymaak van hierdie verskriklike slawerny van afgode. Hulle aanvaar die aanbod wat Jesus hulle bied, en die slawekettings disintegreer. Hulle is vry!

Maar wat doen hulle dan? Hulle gaan staan en leen hulle ore uit vir dwaalleraars wat hulle wysmaak dat hulle nou ál die ou Joodse wette moes nakom. Dis immers soos wat dit gedoen móés word! En nou is hulle van vooraf weer slawe, hierdie slag slawe van die wet! “Ek is bevrees, al my harde werk aan julle was dalk tevergeefs!” huil Paulus. Hy is moedeloos.

Hoe is hulle slawe van die wet? In Paulus se eie woorde: Hulle het verval in ‘n spul “minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls” (v. 9). In plaas daarvan

dat hulle hulle geloof in Christus vry uitleef, moes hulle nou konsentreer om tred te hou met die Joodse feeste en rituele. Die Joodse Godsdienstige kalender het duidelike voorskrifte gehad wat nougeset nagekom moes word. Dit moes op presies die regte datum gevier word, en daar was dikwels ‘n hewige gestryery onder die Jode oor watter datum nou eintlik die regte een was. En dan was daar die voorskrifte oor wat presies moes gebeur op elke geleentheid, soos byvoorbeeld van suurdeeg waarvan die laaste krummeltjie uit die huis uitgegooi moes word. En die liewe Sabbatswette wat so verskriklik pynlik nagekom moes word. Daar was dosyne reëls en regulasies om te verhoed dat jy nie per ongeluk iets doen wat nie veroorloof was op ‘n Sabbat nie!

Die arme mense het hulleself so verstrengel in die moets en moenies, dat Godsdiens vir hulle ‘n pyn geword het. Hulle het so baie tyd

spandeer om die wette te onderhou, dat hulle nooit by die ware Godsdiens kon uitkom nie.

Paulus herinner die gemeente daaraan hoe hartlik hulle hom aanvanklik ontvang het, en die wonderlike liefde wat hulle aan hom bewys het. Ja, hier het hulle nog waarlik hulle Godsdiens uitgeleef soos God dit graag wou hê. Paulus was op daardie stadium siek, maar hulle het hom ontvang asof hy ‘n engel van God was (v. 14). In daardie jare was siekte dikwels gesien as demoniese besetting, en van so ‘n persoon het hulle weggebly. Maar ten spyte daarvan het hulle Paulus met ope arms ontvang.

Maar nou? Paulus sug baie swaar want hulle dwaling het hulle selfs van hom vervreem. “Het ek dan julle vyand geword?” huil hy.

Ons wil die tong klik en sê: “Foeitog, die arme mense!” Ons is só bly dat ons nie vasgevang is in die Joodse wette nie. Ons moet egter baie versigtig wees dat ons nie in

presies dieselfde strik trap as hierdie arme mense van Galasië nie! Dit is so maklik om te verval in Godsdienstige wette en rituele. Dis geestelike slawerny! Dalk is jy verbaas, maar so dikwels word daar vir ons allerhande geestelike reëls voorgehou wat ons slaafs moet navolg. Dit kan dinge wees wat vir ons belangrik geword het in ons geestelike lewe, maar wat van geen waarde is nie. Neem ‘n voorbeeld: iemand organiseer ‘n vas-tydperk, en nou word jy ingeboelie om daaraan deel te neem. As jy dit nie doen nie, voel jy baie skuldig, dus doen jy dit. Nee, daar is niks verkeerd met vas nie. Dit kan baie heilsaam wees, maar as jy dit uit dwang doen, is dit geestelike slawerny. ‘n Ander goeie voorbeeld is hierdie verpestelike Whatsapp boodskappies met die opdrag dat jy dit binne tien minute aan tien ander mense moet stuur. Doen jy dit nie, dan skaam jy jou vir die evangelie! Kom ek sê dit reguit: As jy vir my so ‘n boodskap stuur, maak nie saak hóé

mooi die boodskap is nie, beland dit dadelik in die asblik! Ek weier om van myself ‘n godsdienstige slaaf te maak! Jesus het my vrygemaak!

Kom ons lewe as ware vrygemaakte kinders van God, vrygekoop deur Jesus. Baie, baie duur gekoop! Hy het Sy lewe gegee vir ons vryheid. As ons dit nie gebruik nie, minag ons Hom.

Gebed:

Here Jesus, U het my vrygekoop. Help my asseblief om daardie wonderlike vryheid uit te leef volgens U wil.

# Slaaf of Vry?

# Galasiërs 4:21-31

## Video

## Oudio

Paulus wil sy boodskap baie duidelik tuis te bring, daarom hy 'n allegorie om dit te verduidelik. "Nou vloek die man darem lelik, nè!" Nee, dis nie 'n lelike woord nie, maar as dit nie baie versigtig gebruik word nie kan dit gevaarlik wees. 'n Allegorie is 'n sinnebeeldige of simboliese voorstelling. Allegoriese argumente was dikwels deur Skrifgeleerdes gebruik om sekere waarhede by mense tuis te bring deur 'n verhaal uit die Ou Testament te neem en dan 'n diepere betekenis daaraan te heg. Hierdie sou dan die ware geestelike betekenis van die gebeure wees. Gevaarlik, want jy kan oorboord gaan en aan elke gewone gebeurtenis 'n geestelike betekenis probeer

gee, en so die Bybel naderhand skoon uit verband ruk. Paulus doen dit egter met groot omsigtigheid.

Hy neem die bekende gebeure van Genesis 16 en 21, van die kinderlose Sara en Abraham. Uit desperaatheid het Sara haar slavin vir Abraham gegee om ‘n kind, Ismael te verwek. Later, op haar oudag het Sara natuurlik toe sélf ook haar eie kind, Isak gehad, en toe sit hulle met ‘n dilemma. Uiteindelik het Sara vir Abraham oortuig om vir Hagar, die slavin en haar seun weg te jaag, die woestyn in.

Nou kom Paulus en hy soek die dieper geestelike betekenis in hierdie gebeure, en probeer dit toepas op die Galasiërs se probleem. Die belangrike in die verhaal vir Paulus is die feit dat Hagar ‘n slaaf was en Sara vry. Hy verbind Hagar met die Sinaiberg waar God aan die Jode die wet gegee het. Sinaiberg en Jerusalem is sinoniem, want

Jerusalem is uiteraard die hoofstad van die Joodse godsdiens, die dwaalleer wat in Galasië verkondig word. Dit is dus niks anders as geestelike slawerny nie. Probeer jy jou verlossing verdien deur die wet stiptelik na te kom, dan word jy ‘n slaaf van die wet, en hy word ‘n tiran wat jou in sy mag kry.

Paulus sien aan die ander kant vir Sara as die simbool van geestelike vryheid, iets wat jy beslis nie met Jerusalem, die Joodse godsdienshoofstad sal assosiëer nie. Daar is egter ‘n ander Jerusalem: die nuwe hemelse Jerusalem, waarvan ons onder andere in Openbaring lees. Hierdie Jerusalem is die geestelike moeder van almal wat in Jesus glo en nie op die wet vertrou nie. Daarom doen Paulus ‘n dringende beroep op die Galasiërs om te besef dat hulle soos Isak is en nie Ismael nie. Hulle is geestelik vry en daarom mag hulle nie toelaat dat hulle weer in slawekettings gesit word deur die

dwaalleraars nie. Daardie verkondigers van die valse evangelie moet eerder, nes Hagar van ouds, weggejaag word, die woestyn in.

Is daar vandag vir ons ‘n boodskap in Paulus se argument? Is dit nog op my en jou van toepassing? Beslis ja! Ons het twee opsies: ek kan geestelike slawerny kies en sélf probeer om my verhouding met God te herstel deur byvoorbeeld sekere reëls stiptelik na te kom. Dit lei ongelukkig tot ‘n verskriklike situasie, waar ek so behep raak met die reëls dat ek ‘n geestelike slaaf word van my eie reëls. Die tweede opsie is geestelike vryheid, wat beteken dat ek eintlik niks kan doen om God se goedkeuring te verkry nie. In plaas daarvan dat ek self my vryspraak vir my sondes probeer verdien, aanvaar ek met ‘n gelowige hart die vryspraak wat Jesus my bied.

Dit is tóg vreemd dat ‘n mens instinktief die pad van slawerny kies! Ek dink ons het al so

gewoond geraak om in die lewe vir onsself te sorg, dat ons dit outomaties op ons verhouding met God wil toepas. Dikwels gebeur dit selfs dat iemand geestelike vryheid ontdek het, en later weer sy ou slawebande gaan soek, presies soos wat in Galasië gebeur het.

Iemand stuur eenmaal vir my ‘n kostelike storie oor ’n man wat die “Onse Vader” bid, en toe deur God in die rede geval word. Die Here wou weet of hy werklik besef wat hy bid, en of hy bedoel wat hy sê. Die man was skoon omgekrap dat die Here hom in die rede val, want hy doen mos sy plig om te bid! Moenie dat gebed of Bybel lees of kerktoe gaan ooit vir jou ‘n plig word nie, want dan begin jy die hele punt mis. Dan doen jy presies waarmee die Galasiërs besig was. Om te bid moet vir my ‘n behoefte wees om met God te praat en na Hom te luister en nooit ‘n plig om na te kom nie. Dieselfde geld

vir my Bybel, wat vir my ‘n bron van inspirasie moet wees en ‘n biblioteek van God se beloftes.

Daar behoort by my ‘n brandende begeerte te wees om Sondagoggende in die kerk te kom. Dit moet my opgewonde maak, want daar kan ek my geloof met ander Christene deel. Natuurlik gaan die Erediens in die eerste plek oor die aanbidding van God. Ek kry egter daar ook daardie geestelike kos wat my deur die week stimuleer om voluit vir Jesus te lewe. Ek geniet my betrokkenheid by die gemeente terdeë, en selfs vaal kerkraadsvergaderings maak my dikwels opgewonde. Ek mis nie 'n erediens tensy dit werklik nie anders kan nie. En dit is gladnie omdat ek so 'n “goeie Christen” is nie, maar omdat elke erediens vir my 'n ondervinding is wat ek vir niks op aarde wil mis nie!

Hoe ervaar jy jou geestelike lewe? Is jy ‘n slaaf daarvan of is dit vir jou ‘n wonderlike avontuur?

Gebed:

Here, dankie dat U my vrygemaak het!

.

.

.

# Ware Vryheid

## Galasiërs 5:1-12

**Video**

**Oudio**

Paulus is baie ernstig oor Christelike vryheid! Hy kan die belangrikheid daarvan net eenvoudig nie genoeg beklemtoon nie! In hierdie perikoop dryf hy dit tot ‘n hoogtepunt voordat hy sy betoog afsluit. Dit is van die uiterste belang dat sy lesers dit ter harte moet neem. Hy pleit dringend dat hulle asseblieftog nie moet swig voor die dwaalleraars se wanpersepsies nie. Dit kan hulle hulle vryheid kos!

Dit is van uiterste belang om te weet dat Paulus se pleidooi nie alleen vir die Galasiërs daardie tyd was nie, maar steeds vir ons vandag geld. Die Bybel is absoluut tydloos! ‘n Brief wat tweeduisend jaar gelede geskryf is, bly vandag in ons moderne tyd steeds

kraakvars en relevant! Inderdaad lyk die dwaallerings waarmee ons vandag te doene kry ‘n bietjie anders as dié van Paulus se tyd, maar die wesenlike van die Christelike godsdiens bly presies dieselfde. Ons kan dit in een enkele woord opsom: Vryheid!

Deur die eeue het mense na ware vryheid gestreef, en dit op allerhande maniere beproef. In ons moderne tyd is seker die mees prominente vryheidsaksie dié van die sestigerjare se Hippiebeweging. Ek sien hulle nog helder in my geestesoog, die lang hare, blond gebleik en met blomme in. Hulle propageer “vrye liefde” en hulle dae bestaan uit niksdoen en leeglê. ‘n Ou gehawende Volkswagen Kombi is sy ryding want daar pas baie siele in! ‘n Walm van goedkoop drank en dagga hang om hulle. Al wat hulle nodig gehad het, was om hulle “vryheid” te kon uitleef. “Vrede” en “Make love, not war” was hulle slagspreuk. Hierdie was ‘n valse

gevoel van vryheid, en dit het uiteindelik ‘n stadige dood gesterf.

Die Hippie-era was nie die enigste nie, deur die eeue was daar vele oorloë vir vryheid van die een of ander onderdrukking. Miljoene mense het hulle lewens so opgeoffer vir vryheid, om hulleself net weer in ‘n ander vorm van slawerny in te werk. Vir die Grieke in Paulus se tyd het ware vryheid beteken dat jy kon doen nét wat jy wou. In die tyd van die Amerikaanse Wilde Weste het “vryheid” ook geseëvier, maar dit was dikwels só vry dat een en elk daagliks geleef het in doodsvrees, want jy was vry om enigeen dood te maak vir amper geen rede nie. Jy was nooit seker of jy nog die volgende dag sou leef nie. Dit is natuurlik as jy kan glo wat hulle in die flieks vir jou opdis!

Ware vryheid kan egter slegs bereik word as jy ‘n lewende verhouding met God het. Dit kan slegs bereik word deur Jesus Christus.

Enigiets anders, hoe gewild of logies ookal, is maar net nóg ‘n vorm van geestelike slawerny. Die Galasiërs was besig om toe te gee aan die druk van die dwaalleraars om die Joodse tradisies te aanvaar. Dit sou beteken dat hulle weer in ‘n slawejuk ingedwing word. Paulus waarsku hulle baie dringend dat hierdie soort godsdiens, wat op die oog af baie Christelik lyk, gaan beteken dat hulle die band met Christus gaan verbreek! Dit klink verskriklik kras gestel, maar as hulle swig voor daardie klein aanpassing, neem hulle eintlik ‘n vals evangelie aan, ‘n evangelie waarvan die fondamente nie gelê is op God se genade nie maar op hulle eie prestasie.

Wat is volkome vryheid dan? Paulus sê dat ‘n gelowige in wese ‘n toekomsmens is. Hy is iemand wat in “Hoop” lewe. Hierdie “Hoop” is nie maar ‘n vae wensdenkery, soos om te hoop dat my rugbyspan gaan wen nie, maar

‘n absolute sekerheid dat sekere dinge wél gaan gebeur. Gelowiges kan só vooruitkyk na die oordeelsdag en ‘n 100% sekerheid hê van volkome vryspraak. Hierdie sekerheid lê natuurlik nie in jouself of jou eie prestasies nie maar in God, want as jy in Jesus Christus glo, dan het jy rééds volle vryspraak. Die Heilige Gees bevestig dan ook hierdie waarheid vir jou.

‘n Gelowige is egter nie alleen ‘n toekomsmens nie maar ook ‘n aksiemens, want jou geloof gaan deur liefde oor in dade. Nee, dit is nie geloof én dade wat jou red nie, of soos baie mense glo dat daar eers geloof kom en later dade daarby nie. Hierdie is een enkele aksie! Goeie dade is ‘n direkte, outomatiese uitvloeisel van geloof.

In vers 9 gebruik Paulus die voorbeeld van suurdeeg om te illustreer hoedat die verkondigings van die dwaalleraars hulle ganse menswees deursuur het. Dieselfde is

egter ook waar van hoe geloof jou menswees beïnvloed. Soos ‘n bietjie suurdeeg die oneetbare deeg laat rys sodat jy ‘n geurige brood daarvan kan bak, so deurweek die suurdeeg van geloof ook jou lewe sodat jy ‘n aangename geur en smaak versprei op ‘n praktiese manier. Geloof gee jou totale vryheid, maar terselfdertyd maak dit jou bruikbaar vir die Koninkryk. Jou goeie werke doen jy egter nou nie meer omdat jy gedwing word nie, maar omdat jy ‘n intense begeerte het om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed:

Dankie dat U my vrygemaak het, Here. Begeester my asseblief dat ek daardie vryheid ten volle kan uitleef.

.

.

.

# ‘n Lewenswyse

# Galasiërs 5:13-15

## Video

## Oudio

Die berigte was in die koerante: Dominee en Ouderling raak slaags! In detail is daar beskryf hoe die twee mekaar getakel en geslaan het, want die een sou kwansuis by die ander se vrou aangelê het. Die vuil wasgoed is uitgestal vir die hele wêreld om te sien. Die onaangename storie maak sy draai in die kerkraad, die ring, die sinode én die hof! ‘n Liederlike spektakel!

Ek werk jare gelede saam met ‘n “hoogheilige” kêrel wat heeldag lank vir my gepreek het oor alles in my lewe wat so verskriklik verkeerd was. Hy was 'n hoog aangeskrewe priester in sy kerk. Op ‘n dag verneem ek dat hy sy vrou sommer net só verneuk het en by ‘n ander vrou ingetrek het,

openlik en skaamteloos. Toe ek hom daaroor uitvra, trek hy net sy skouers op, en gaan aan om vir my te preek. “Sonde is in die vlees”, beduie hy vir my, “maar ek leef in die Gees!” Daardie verduideliking kon ek gládnie verstaan nie!

Oor die afgelope paar hoofstukke het Paulus bly hamer op vryheid - vryheid van die wet, vryspraak van die sonde en vryheid van al die fieterjasies van die kerk. In kort: jy hóéf nie naarstigtelik die wet na te kom in die hoop dat God jou gaan vryspreek nie!

Paulus het egter baie goed besef dat mense hierdie gedagte hééltemal verkeerd kon verstaan, nes daardie priester wat so vieslik met sy vrou gemors het. As jy vry is van die wet, soos Paulus so oor en oor en oor gesê het, dan kan jy mos maar leef nés jy wil, solank jy maar net in Jesus glo. Paulus waarsku: “Moenie julle vryheid misbruik as ‘n verskoning om sonde te doen nie!”

Alle mense is onderworpe aan hulle sondige natuur. En ja, dit sluit my en jou ook in! Die groot gevaar is dat jy kan toelaat dat jou sondige natuur met jou op loop gaan met die Christelike vryheid wat jy in Jesus gekry het. Dit is van uiterste belang om te weet dat vryheid twee dinge beteken. Inderdaad beteken dit dat jy vry is sodat jy sekere slaafse dinge nie hoef te doen nie. Maar terselfdertyd is jy óók vry om ander dinge wel te dóén. “Maar dien mekaar in liefde”, verduidelik Paulus so aangrypend in vers 5. Christelike vryheid maak juis dat jou medemens vir jou belangrik word! Sulke vryheid word deur liefde gevoed! Nog meer, liefde word jou “baas,” en jy word as’t ware ‘n slaaf van die liefde deur jou vryheid, hoe absurd dit ookal mag klink! As jy hierdie begrip eers reg verstaan, kan jy nooit sê: “Ek doen wat ék wil!” nie. Jy sal eerder jou Christelike vryheid op ‘n verantwoordelike

manier gebruik deur te sê: “Ek doen wat God wil!”

Liefde is nie altyd maklik nie, veral as medegelowiges soms onredelik optree en jou dalk bitter kwaad maak. Paulus skryf in vers 15: “Julle byt en verskeur mekaar; pasop dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie!” Ek was eenmaal getuie toe ‘n ouderling en ‘n jeugwerker mekaar te lyf wou gaan. Die ouderling het die jongmense se fasiliteite uitverhuur sonder die jeug se medewete, en die vonke het gespat. Ons het ‘n vergadering gehou om die situasie te ontlont, maar dit het net olie op hulle vuur gegooi. En toe vat die twee manne mekaar! Het ons nie daardie aand tussenbeide getree nie, dan was daar lelike dinge! Die hartseer is dat albei die manne diep gelowiges is en waarlik erns gemaak het met hulle geloof. Elkeen was vas oortuig dat hy die regte ding doen, maar daar was ‘n botsing van belange. Die een het die

finansies as prioriteit gesien terwyl die ander die jongmense se belange op die hart wou dra. En daar was nie kommunikasie nie!

Paulus gaan haal ‘n gedeelte uit die Wet in Levitikus 19:18 om die beginsel van liefde te beklemtoon, iets wat reeds diep in die geskiedenis gewortel was. Daar staan: “Jy mag nie wraak neem of ‘n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here!” Jesus het dieselfde gedeelte aangehaal toe die Skrifgeleerdes Hom oor die Wet probeer vastrek het. Liefde is die spil waarom alles draai. Alhoewel hierdie aanhaling uit die Wet kom, moet jy in jou Christelike vryheid dit nie sien as ‘n wet om naarstigtelik na te kom nie, maar eerder as ‘n lewenswyse, ‘n riglyn om volgens God se wil te leef. In die eerste plek is dit God se groot liefde wat vir ons die vryheid gegee het, en juis daarom moet liefde jou lewe oorheers. Dit is in die eerste

plek liefde vir God. Nie ‘n gedwonge, vreesgevulde liefde nie, maar ‘n vrye uit-die-hart liefde. Tweedens is dit ook liefde vir jou medemens. Jesus het dit duidelik gestel dat daar veral vir jou mede-gelowiges ’n besonderse broederlike liefde moet wees. Maar ook teenoor nie-gelowiges en selfs jou vyande, moet daar ‘n passie wees wat jou dring om eerder goed as sleg teenoor hulle te doen.

Soos reeds gesê, is dit dikwels maar uiters moeilik, veral as jy dit in jou eie krag probeer doen. Maar daarvoor gee die Heilige Gees jou die krag wanneer jy dit die nodigste het. Laat Hom toe om dit te doen!

Gebed:

Here, vul my asseblief met U liefde, en neem die haat en wraak uit my hart uit.

# Vuil Vark!

# Galasiërs 5:16-25

## Video

## Oudio

Ek kom in my slaapkamer ingehardloop. Dis half skemer, want die gordyne is toegetrek. Op my bed lê ‘n bondel iets, nou nie juis dat dit snaaks is nie, want in ‘n seun se kamer lê daar mos maar altyd ‘n deurmekaar bondel “iets” op die bed. Maar hiérdie bondel is anders, so ‘n half-aan-die-kant bondel, en nie die gewone deurmekaarspul nie. En dit snork! Vir ‘n oomblik is ek totaal uit die veld geslaan. Versigtig druk ek met my vinger op die ding. Dit beweeg skielik en met ‘n histeriese, onaardse gil spring dit van my bed af. Ek skrik my skoon in ‘n ander geloof in! Ek staar die dierasie wat my kooi wou annekseer agterna as hy gly-gly sy draaie probeer kry om by die agterdeur uit te kom.

’n Vark. ’n Lae, ongepoetste, vuil, stinkende vark! Nogal in mý kooi! Hy moes seker by die agterdeur ingesluip het en toe ontdek hy in sy ontdekkingstog deur die huis ‘n heerlike sagte lêplekkie op my bed. Dit was baie jare gelede op Oupa se plaas naby Waterval Boven.

Deesdae is dit die in-ding om ‘n vark as ‘n troeteldier aan te hou. Skatlike ou goedjies, altans so sê hulle! Jy het ‘n keuse van ‘n slanke pienketjie of ‘n mollige swartetjie met so ‘n plat gesiggie wat lyk of hy in ‘n ernstige tromp-op botsing betrokke was en ‘n pens wat op die grond sleep. En intelligente, sindelike ou diertjies. So beweer hulle.

Maar het jy hulle al ooit in hulle natuurlike staat gesien? Ek praat nou nie van die moderne varkboerderye waar hulle nie eers weet wat modder is nie. In die ou dae was ‘n varkhok een groot modderpoel. Dit was nie oorspronklik so geskep deur die boer nie,

maar die varke maak hom so. Hy word beploeg en be-grawe en ongedolwe, alles met daai plat wiel-snoete van hulle, en met die eerste reënbui is dit een groot moddernes. En dán baljáár die varke dat die sop spat! En as daar nie modder is nie, ploeter hulle sommer deur hulle kosbakke en karring dit totdat die kos een groot jiggie is. As hulle maar net vuil kan wees dan is dit mos hemel op aarde!

Galasiërs 5 is die bekende deel wat handel oor die vrug van die Gees, en waaroor daar al menige preke gelewer is. Maar soos met elke gedeelte van die Bybel, gaan die ware boodskap verlore as jy dit nie met die res van die brief as agtergrond lees nie. Hou dus in gedagte wat Paulus die hele tyd probeer sê: Geen mens kan vryspraak kry van skuld of sonde deur goeie dade te doen nie, maar alleen deur geloof in Jesus. Tweedens, as jy in Jesus glo, is jy geestelik vry en beteken dit

nie dat jy lang lyste moets en moenies moet nakom nie. Wees dus versigtig om nie van Galasiërs 5 ‘n lys reëls te maak wat ons moet nakom om ons verhouding met God reg te stel nie, maar sien dit eerder andersom. Omdat ons verhouding alrééds met God reggestel is, moet ons ernstig daarna streef om ons vryheid reg te gebruik.

Dit gaan hier oor hoe jy leef as jy deur Jesus vryspraak gekry het. Deur die Gees van God (vers 16). Daar woed ‘n geestelike geveg in jou. Aan die een kant is jou sondige natuur met sy natuurlike instinkte wat baie eerder slegte dinge doen as goeie. (Dis nou die vuil plaasvark wat in die modder van die sonde rondbaljaar.) Aan die ander kant is daar die Gees van God wat lynreg teenoor jou sondige natuur is. Dit is amper soos twee gevegslinies wat gereed staan om oorlog te maak. In die praktyk is die gelowige in twee geskeur tussen die sondige natuur en die

Gees. Jy voel lus om toe te gee aan die sonde, maar jy wil ook luister na wat die Heilige Gees vir jou sê. Jy alléén kan daardie keuse maak, en daarom doen Paulus die beroep: Maak die régte keuse en laat jou deur die Gees lei.

As jy swig voor jou sondige natuur, kom daar liederlike dinge na vore soos onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, dronkenskap, uitspattigheid, haat, woede, afguns en nog baie ander walglike dinge - lees gerus maar Paulus se sondelysie in Gal. 5:19-21.

As jy egter onder beheer van die Gees lewe, kom daar totaal ander dinge in jou na vore. Paulus noem dit die "vrug van die Gees". Let wel: nie vrugte (meervoud) nie maar vrug (enkelvoud), want ál hierdie dinge behoort deel van 'n Geesbeheerde gelowige se lewe te wees. "Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing" (vers 22).

Hierdie is die dinge wat die kenmerk van ’n gelowige se lewe behoort te wees.

Die praktyke van die sondige natuur bestaan uit ‘n klomp onaangename goed wat gewoonlik skielike opwellings is van jou emosies en luste. Daarteenoor is die vrug van die Gees dinge wat stil en rustig na vore kom. Die sondige praktyke spruit voort uit ‘n beheptheid met jouself, soos eiebelang en eiegeregtigheid. Die vrug van die Gees daarteenoor is ‘n gawe van God. Paulus begin hierdie lysie doelbewus met “Liefde”, want dít moet die uitgangspunt en allesoorheersende faktor in die Geesbeheerde lewe wees.

Gebed:

Gees van God, neem asseblief volle beheer van my lewe oor.

# Dra Mekaar se Laste

## Galasiërs 6:1-10

**Video**

**Oudio**

Paulus het dikwels 'n paar los opmerkings gemaak aan die einde van sy briewe. Nou doen hy dit ook in die brief aan die Galasiërs.

Sy opmerkings sluit baie nou aan by die vorige gedeelte, oor hoe iemand se lewe onder beheer van die Heilige Gees moet lyk. In die vorige oordenking het ons gesien dat dit gevaarlik is om jou vryheid te misbruik in jou verhouding met jou medemens en veral teenoor jou medegelowige. Paulus vryf nou as't ware sy vermaninge in met spesifieke opdragte oor hoe om jou liefde uit te leef.

Ons moet baie deeglik onthou dat ons almal nog daardie sondige natuur in ons het en dat enigeen die een of ander tyd kan struikel. Gewoonlik is jy egter blind vir jou eie foute,

en selfkritiek is buite die kwessie. So gebeur dit dan soms dat ek ‘n medegelowige “uitvang” dat hy in die een of ander liederlike sonde beland, moontlik in iets soos in Paulus se sondelysie van Gal. 5:19 en 20. “Piet is alweer gesuip!” sou ‘n mens byvoorbeeld kon uitroep, en die arme man veroordeel tot in die warm plek. Tien teen een gaan jy sy sonde boonop aan die groot klok hang. “Nee”, sê Paulus, “dis nie die regte manier nie!” Laat jou eerder lei deur die Heilige Gees oor hoe om op te tree teenoor Piet. Nét in die vorige dagstukkie het ons nog gelees van watter groot plek liefde moet inneem wanneer ons deur die Heilige Gees beheer word. Die idee is dan om daardie liefde teenoor Piet te gaan uitleef en hom in ‘n gees van sagmoedigheid te gaan reghelp.

Boonop moet ek in my agterkop die gedagte dra dat ek self ook maar mens is, en dat dit só maklik is vir my om in presies dieselfde

situasie te beland. Die duiwel lê en wag vir ‘n geskikte oomblik om my te verlei, ‘n tyd van swakheid, waar my verhouding met God dalk nie so sterk is nie. Ek mag dus nie veroordeel nie, want dieselfde oordeel kan myself ook tref!

Paulus sê verder dat ons bereid moet wees om mekaar se laste te dra. Watter laste? Die sake wat vir jou as  medegelowige die lewe moeilik maak. Dit kan siekte, werkloosheid, geldelike probleme en dergelike dinge wees of dalk emosionele probleme, soos iemand wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Wees ‘n skouer om op te kan huil vir iemand wat deur ‘n tyd van droefheid gaan. Wees bereid om te luister en so daardie persoon se las ligter te maak. Op hierdie manier gee jy uitvoering aan die wet. Watter wet? Liefde!

Verder vra Paulus dat ons kritiese selfondersoek moet doen. Dink ek nie miskien ek is belangriker as wat ek werklik is

nie. Is dit wat ek doen werklik goed en prysenswaardig? Vergelyk ek my lewe met ander mense s'n, dan maak ek 'n groot fout. Eintlik moet ek my lewe vergelyk met wat God van my verwag in my lewe: Hoeveel punte gaan ek kry?

As ek 'n voorbeeld uit my eie lewe kan neem: hierdie dagstukkies is 'n reuse sukses. Hulle word daagliks deur duisende mense regoor die wêreld gelees. Verskeie gemeentes gebruik dit in hulle kerkblaadjies. Rede om te roem? Rede om te dink dat ek beter is as ander? Geensins! As ek die dag begin groot kop kry oor hierdie dagstukkies, dan kan ek net sowel ophou skryf! Uit my eie krag is ek nie in staat om 'n enkele dagstukkie te skryf nie. Dit is genade alleen, en hópe hulp van die Heilige Gees wat hulle laat gebeur. Boonop is dit God wat my 'n skryftalent gegee het, en as ek dit nie tot Sy eer gebruik nie, misbruik ek dit. Inderdaad moet ek ook

rekenskap gee van wat ek met my talente doen. Die Here het my die talent gegee om te kan skryf. Gebruik ek dit? Steek ek dit onder die spreekwoordelike maatemmer weg? Of misbruik ek dit dalk?

Dan vra Paulus van sy lesers om hulle geestelike leiers te ondersteun. Moenie dat iemand ál sy tyd en krag in die werk van die gemeente sit sonder om hom ook finansieel te help nie. Ek weet daar is gemeentes waar die geestelike werkers, jeugwerkers, Pastore ens. geen of bitter min vergoeding kry terwyl die gemeente in luuksheid lewe. Dit is verkeerd!

In die slot van hierdie perikoop sê Paulus dat ons baie mooi na ons geestelike lewe moet kyk. Moenie in sonde verval nie, want wat jy saai sal jy oes. As dit sonde is, oes jy slegte dinge. Die keuses wat ek maak het almal gevolge. As ek byvoorbeeld oor iemand skinder, doen ek nie alleen die ander

persoon skade aan nie, maar ek word self uiteindelik gebrandmerk as ‘n skinderbek!

Die idee is om eerder goed te doen aan ander mense. Dra ander se belange op die hart. Wees bewus van die nood van jou medemens en doen iets daaromtrent. Liefde moet die fokuspunt van jou lewe wees. O ja, en natúúrlik gaan jou medegelowiges voorkeur kry wanneer jy êrens moet help, maar onthou ook dat daar ander mense in die wêreld is, ongelowiges. Moet nooit van hulle vergeet nie. Jesus het eenmaal gesê dat jy selfs jou vyande moet liefhê. Liefde is nie ‘n emosie nie, maar ‘n praktiese uitleef van jou geloof, en dus moet jy ook aan ongelowiges barmhartigheid bewys.

Gebed:

Here, help my asseblief om eerlik introspeksie te doen en reg te maak wat verkeerd is in my lewe, en veral om my liefde prakties te kan uitleef.

# Groete

# Galasiërs 6:11-18

## Video

## Oudio

Skryf jy nog briewe? Nee, dalk verstaan jy verkeerd, ek praat nie van ‘n brief tik op ‘n rekenaar om te e-pos of met Whatsapp wegstuur nie. Ek praat van ‘n regte, egte brief wat met die hand geskryf is, toegeplak is in ‘n koevert en met ‘n seël op in die posbus gegooi is. Dit het totaal uit die mode geraak! As so ‘n brief vandag in jou posbus sou opdaag, sal jy hom raam want dis ‘n kunswerk!

Harde werk, om ‘n brief met die hand te skryf, want jy mag nie foute maak nie. As jou hand gly, moet jy die hele ding oorskryf! Maar so ‘n brief is só persoonlik! Daar is ‘n stukkie van jouself in daardie brief. Ek onthou nog die dae toe ek weermagdiens gedoen

het, ver van my Mosbolletjie af. Saans het ek daar in my tentjie in die veld my hele hart uitgestort in my briewe wat ek vir haar geskryf het. Sommer so plat op die grond gesit en skryf. Daar het ‘n stukkie van my in daardie brief ingegaan..

En soggens, as die pos-jeep van die dorp af aangery kom, dan het ek met bonsende hart gestaan en trippel, want ek het gewéét dat daar vir my ‘n brief sou wees. In afwagting het ons almal daar gestaan. My naam klink op, en my hart mis ‘n slag. Ek maak my brief versigtig oop en dan lees ek dit oor en oor. Elke lettertjie was met haar eie hand geskryf, só persoonlik! Om haar so naby my te voel, die geur van haar parfuum wat aan die blaaie kleef te kon indrink!

Ai toggie!

Paulus kon nie juis skryf nie - waarskynlik as gevolg van probleme met sy oë. Maar dit het hom geensins gekeer om sy gedagtes op

skrif te stel nie. Dit was algemene praktyk om gebruik te maak van ‘n professionele sekretaris om jou briewe te skryf, iemand wat gewoonlik opgelei was in die kuns om mooi te skryf. Paulus het dan sy brief aan die sekretaris gedikteer, en nie net onderteken soos vandag die mode is nie, maar die laaste paar reëls self geskryf om te wys dat die brief eg is.

In Galasiërs se briefslot doen Paulus dan ook weer so, en dan skryf hy: “Kyk net die groot letters!” Was dit om sy skrif met die netjiese handskrif van die sekretaris te vergelyk? Of dalk omdat hy nie mooi kon sien nie? ‘n Derde rede klink vir ons meer logies: Hy het die laaste sinne in groot letters geskryf om die belangrikheid van die gedagtes by die lesers tuis te bring!

Normaalweg dra Paulus in sy slot groete oor aan die een en ander. In hierdie brief is Paulus egter so ontsteld oor die dinge wat

besig was om te gebeur in Galasië, dat hy die hele slot wy aan ‘n opsomming van die dinge wat hy vir hulle geskryf het. Daardie dinge is vandag vir ons van nét soveel belang as wat dit vir die Galasiërs was. Ons kan dit so opsom:

Dit is totaal onmoontlik om vryspraak van ons skuld en sondes te kry op grond van ons prestasies - hulle is van géén waarde!

Die enigste manier om vryspraak te kry is deur geloof in Jesus. Ons beste pogings is nutteloos! Slegs Jesus se groot offer aan die kruis kan vir ons vryspraak gee.

Wanneer ons hierdie waarheid begryp, kom ons tot die besef dat om oor allerhande prestasies te stry totaal nutteloos is. Die heel belangrikste saak is dat ons in Jesus glo, en dat ons nuut gemaak is in Jesus.

As ons in Jesus glo, is ons deel van die nuwe volk van God. Ons is met ander woorde die

nuwe, ware Israel. Jy het nie nodig om ‘n Jood te wees om deel van hierdie volk te word nie. Daar is maar net een vereiste: Die geloof dat jou ou mens saam met Christus aan die kruis gesterf het, en dat dit nou nie meer jy is wat lewe nie, maar Christus wat in jou lewe.

Paulus het inderdaad ‘n lang en harde pad gestap voordat hy hierdie brief geskryf het. Hierdie pad was besaai met duwweltjies en dorings en hy dra die littekens daarvan aan sy liggaam. Hy het baie pyn en ontberings verduur om hierdie evangelieboodskap aan die wêreld te kon bring, selfs by tye die dood in die oë gestaar. Lees gerus 2 Korintiërs 11:23-27, waar hy vertel van waardeur hy alles was. Dit laat jou hare regop staan, dat één man soveel ontberings kon deurmaak! En dít omdat hy vas geglo het in wat hy verkondig het. Is dit nie klaar genoeg rede vir my en jou om ag te slaan op wat hy vir ons

deur die Galasiërbrief leer nie? Neem dit dus ter harte!

Paulus sluit af met ‘n seëngroet, soos sy gewoonte was. Hy beklemtoon daarin weereens God se genade. My gebed vir jou is dat jy daardie genade elke dag sal beleef, en dat Hy jou so sal lei dat jy nooit die wonder van Sy groot, groot genade sal miskyk nie, of dalk só gewoond daaraan raak dat jy nie meer verwonderd daaroor sal wees nie.

Gebed:

Here, ek bid vanoggend dat U genade sal skyn oor elkeen wat hierdie dagstukkie lees!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE